Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Oorsig oor

Die Nuwe Testament

deur

Prof. V.E. d'Assonville

Inhoudsopgawe

Woord Vooraf 6
Hoofstuk 1 7
Die Bybel 7
1.1 Die Bybel alleen 7
1.2 Die Bybel en Jesus Christus 7
1.3 Die Bybel en die Heilige Gees 8
1.4 Die verhouding van die Ou Testament en die Nuwe Testament 9
1.5 Kanoniek en apokrief 10
1.6 Die oudste tekste van die Bybel 11
1.7 Wat is Openbaringsgeskiedenis? 12
1.8 Die wêreld van die Nuwe Testament 12
Hoofstuk 2 16
Matteus: Jesus is die Koning! 16
2.1 Waarom vier "evangelies"? 16
2.2 Wie was Matteus en wanneer skryf hy sy boek? 16
2.3 Met watter doel skryf Matteus? 16
2.4 Bou en komposisie van Matteus 17
2.5 Enkele Ou Testamentiese gesigspunte 17
2.6 Samevattend 18
Hoofstuk 3 19
Jesus se Geslagsregister en Geboortegeskiedenis 19
3.1 Die geslagsregister volgens Matteus 19
3.2 Die geslagsregister volgens Lukas 19
3.3 Die geboortegeskiedenis volgens Matteus 20
3.4 Die geboortegeskiedenis volgens Lukas 20
Hoofstuk 4 22
Johannes die Doper 22
4.1 Johannes se prediking 22
4.3 Hoe sien Johannes vir Jesus? 23
4.4 Johannes se twyfel (Matt. 11:2-6; Luk. 7:18-23) 23
4.5 Johannes die Doper se dood (Matt. 14, Mark. 6 ens.) 24
Hoofstuk 5 25
Markus: Die koning se dade 25
5.1 Wie was Markus? 25
5.2 Wanneer en waar skryf Markus sy evangelie? 25
5.3 Die inhoud en strekking van die boek Markus 25
5.4 Samevatting 27
Hoofstuk 6 28
Lukas: Jesus die barmhartige Priester 28
6.1 "Lukas, die dokter wat ek baie lief het. . ." (Kol. 4:14) 28
6.2 Met watter doel skryf Lukas sy boek? 28
6.3 Die Priester as Barmhartige 28
6.4 Die plek van die gebed 29
6.5 Samevatting 29
Hoofstuk 7 30
Johannes: Jesus die Hoogste Profeet 30
7.1 Die dissipel vir wie Jesus baie lief was (Joh. 21:20) 30
7.2 Die doel van die Johannes-evangelie 30

7.3 Jesus die Profeet 30
7.4 Enkele verskille tussen die sinoptiese evangelies en Johannes 31
7.5 Samevatting 31
Hoofstuk 8 32
Die Gelykenisse 32
8.1 Wat is 'n gelykenis? 32
8.2 Die doel van die gelykenisse 32
8.3 Groepe gelykenisse 33
8.4 Wat is die diepste inhoud van al die gelykenisse? 34
Hoof stuk 9 36
Jesus se Wonderwerke 36
9.1 Wat is die eintlike betekenis? 36
9.2 Vier boodskappe van wonders 36
9.3 Die plek van die geloof 37
Hoofstuk 10 38
Handelinge: Opmars vanuit Jerusalem tot in die uithoeke van die wêreld 38
10.1 Naam van die boek 38
10.2 Indeling van die boek Handelinge 38
10.3 Harmonie van Lukas se twee boeke 39
10.4 Die twee grootste handelinge in die boek Handelinge 39
10.4.1 Christus se hemelvaart 39
10.4.2 Uitstorting van die Heilige Gees (Pinkster) 40
10.5 Die betekenis van die boek Handelinge 40
Hoofstuk 11 42
Die brief aan die Romeine - God spreek sondaars vry uit genade 42
11.1 Die apostel Paulus se briewe 42
11.2 Waarom skryf Paulus 'n brief aan die Romeine? 42
11.3 Inhoud van die brief aan die Romeine 42
11.4 Kort indeling van die inhoud 43
Hoofstuk 12 44
Die twee Korintiërsbriewe 44
12.1 Die stad Korinte 44
12.2 Die eerste Korintiërsbrief 45
12.2.1 Ontstaan van die brief 45
12.2.2 Kort oorsig oor die inhoud 45
12.3 Die tweede Korintiërsbrief 46
12.3.1 Ontstaan van die brief 46
12.3.2 Die inhoud 46
Hoofstuk 13 47
Galasiërs - Alles genade! 47
13.1 Wie was die Galasiërs 47
13.2 Aanleiding vir die brief 47
13.3 Die inhoud van die brief 47
Hoofstuk 14 49
Briewe uit die tronk 49
14.1 Die sogenaamde "Gevangenskapsbriewe" 49
14.2 Die brief aan die Efesiërs 49
14.3 Die brief aan die Filippense 49
14.4 Die brief aan die Kolossense 50
14.5 Die brief aan Filemon 51

Hoofstuk 15....52
Die twee briewe aan die Tessalonisense....52
15.1 Die stad Tessalonika en die gemeente....52
15.2 Die eerste brief aan die Tessalonisense....52
15.3 Die tweede brief aan die Tessalonisense....53
Hoofstuk 16....57
Die Pastorale briewe....57
16.1 Die twee herders Timoteus en Titus....57
16.2 Kort inhoud van hierdie briewe....57
16.3 Die doel van die pastorale briewe....58
Hoofstuk 17....59
Die brief aan die Hebreërs....59
17.1 Wie het die boek Hebreërs geskryf?....59
17.2 Die inhoud....59
Hoofstuk 18....61
Die Algemene briewe....61
18.1 Die brief van Jakobus....61
18.2 Die briewe van Petrus en Judas....61
i. Die briewe van Petrus....61
ii. Die brief van Judas....62
18.3 Die drie briewe van Johannes....62
Hoofstuk 19....64
Die boek Openbaring....64
19.1 Inleiding....64
19.1.1 Gelukkig die een wat lees en luister en bewaar....64
19.1.2 Die naam "Openbaring"'....64
19.1.3 Metodes van verklaring....64
19.1.4 Hoe moet ons nou die boek Openbaring sien?....65
19.1.5 Die skrywer en tyd van ontstaan....66
Openbaring 1....67
1.1 GOD se openbaring....67
1.2 Die geadresseerdes....67
1.3 Aansluiting by die Ou Testament....67
1.4 Christus verskyn as die Koning....67
Openbaring 2....68
2.1 Efese:....68
2.2 Smirna:....68
2.3 Pergamus....68
2.4 Tiatira....69
Openbaring 3....70
3.1 Sardis....70
3.2 Filadelfia....70
3.3 Laodisea....70
Openbaring 4....71
Die wêreldgeskiedenis beheers vanaf die troon van God....71
Openbaring 5....72
Die boek van raadsbesluite....72
Openbaring 6....73
Die eerste vier seëls....73
Openbaring 7....74

Die 144 000 74
Openbaring 8 75
Die 7de seël met die halfuur stilte en die eerste 4 trompette 75
Openbaring 9 76
Die 5de en 6de trompette 76
Openbaring 10 78
Die klein boekie 78
Openbaring 11 79
Die stryd tussen kerk en wêreld 79
11.1 Die tempel wat gemeet word 79
11.2 Die twee getuies - die kerk se prediking 79
11.3 Die kerk se martelaarskap - die twee getuies word gedood 80
11.4 Die kerk se oorwinning 80
11.5 Die sewende trompet 80
Openbaring 12 81
Die hele geskiedenis in telegramstyl 81
Openbaring 13 82
Die twee diere 82
13.1 Die dier uit die see 82
13.2 Die dier uit die aarde 84
Openbaring 14 86
Die 144 000 op die Sionsberg en die oordeel 86
Openbaring 15 87
Die sewe engele met die laaste plae 87
Openbaring 16 88
God se laaste oordeel 88
Openbaring 17 89
Prostituut en dier 89
Openbaring 18 90
Babel se val 90
Openbaring 19 90
Alles word finaal 90
Openbaring 20 90
Die finale offensief teen satan 90
Openbaring 21 en 22 90
Die nuwe hemel en die nuwe aarde 90

Woord Vooraf

Die afgelope ses jaar moes ek elke keer vir meer as 200 eerstejaarstudente die vak Bybelkunde doseer. Dit was die Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. 'n Spontane behoefte het na vore gekom: gee aan ons 'n duidelike, eenvoudige oorsig om sodoende 'n beter begrip by die bestudering van die Bybel te kry.

En so het hierdie geskrif vir eerstejaarstudente ontstaan. Miskien kan dit ook deur baie ander belangstellendes gebruik word. Dit bly egter 'n "oorsig" met baie beperkinge.

V.E. d'Assonville
Potchefstroom
Augustus 1984

Hoofstuk 1

Die Bybel

1.1 Die Bybel alleen

Om God te kan ken, moet ons die Bybel ken. Dit is die boek waar Sy Woord opgeskryf is. En dit is die **hele** Bybel - nie slegs gedeeltes daarvan nie:

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer . . ." (2 Tim. 3:16)

Daar is geen ander manier om te weet wie God is nie: **alleen die Bybel.**

Nie die Koran, die boek van die Islam nie of die Edda, 'n boek oor Middeleeuse gode en mites nie, of die Oosterse godsdienstige geskrifte oor heidense gode nie, maar enkel en alleen die Bybel.

Op hierdie een enkele punt trek al die stryd in die christendom saam. Teenoor die Roomse kerk wat naas die Bybel ook die **tradisie,** die kerkvaders, die uitsprake van **sinodes** en die besluite van die **pous** as "goddelike uitsprake" aanvaar het, het die Reformasie van die 16de eeu net een kort en kragtige antwoord gehad: **Sola Scriptura** = die Skrif alleen.

Hulle het dit verder soos volg geformuleer: "Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word. Want aangesien die wyse daarop God deur ons gedien moet word, daarin geheel en al en uitvoerig beskrywe is, is dit aan geen mens, al was dit ook die apostels, geoorloof om anders te leer nie as wat ons alreeds geleer word deur die Heilige Skrifte; ja al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8). Want omdat dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Openb. 22:18, 19), is daardeur duidelik genoeg dat die leer daarvan geheel volmaak en in alle opsigte volkome is". (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 7)

En toe daar onder die christendom mense gekom het wat geleer het dat daar ook ander openbaringe (= bekendstellings) buite die Heilige Skrif kan plaasvind, dat God ook sonder die Bybel tot 'n mens kan spreek en dat die mens deur sy eie "inwendige lig" kennis kan kry, moes daar weer eens standpunt ingeneem word en moet ons dit van-dag nog steeds doen:

"Hierdie sekerheid spruit (derhalwe) nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God wat Hy in Sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het. . ." (Dordtse Leerreëls, V. 10).

Sonder die Bybel of soos wat ons dit ook noem, die Woord van God, gee God nie meer in ons tyd nuwe aparte openbaringe nie. En die inhoud, die kennis hiervan, is Sy Seun **Jesus Christus.**

1.2 Die Bybel en Jesus Christus

In Heb. 1:1 lees ons:

"In die verlede het God baie keer en op baie maniere tot ons voor-vaders gespreek deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy tot ons gespreek deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God".

"Hierdie laaste dae" is die tyd waarin ons nou leef. Dit is die tyd na Pinkster tot by die Wederkoms van Jesus Christus (Openb. 1:7).

Dit is die een groot boodskap van die hele Bybel: **Jesus Christus.**

In Hom het God Homself bekendgemaak (geopenbaar). Jesus sê self. "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom tot die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken, sal julle die Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom" (Joh. 14:6).

Die Woord het mens geword en onder ons kom woon (Joh. 1:14).

Maar hoe sou ons dit ooit geweet het as die Woord nie ook **Skrif** geword het nie. Daarom vertel elke bladsy van die Bybel as't ware van Jesus Christus. Die hele geskiedenis van die begin af, van die eerste mens Adam af vertel van hierdie koms van God deur Sy seun Jesus Christus - in die Ou Testament nog nie so duidelik en direk nie, maar die hele geskiedenis in die Bybel loop uit op Jesus Christus.

En na die sondeval word dit 'n verlossingsgeskiedenis. Dit vertel van die voortdurende stryd tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die satan (Gen. 3:15) 'n voortdurende stryd tussen God se kinders (Sy kerk) en die goddelose.

So roep die hele geskiedenis van die Ou Testament na die Verlosser, Messias, die Christus wat moet kom om die wêreld en die mensdom uit die sonde-ellende te verlos.

God doen dit deur die waters van die sondvloed heen met Noag en sy gesin.

Hy maak Sy verbond (testament) met Abraham en sy nageslag.

Hy beloof Sy genade.

Hy bewys Sy onverdiende liefde aan Sy verbondsvolk Israel.

Hy verlos hulle uit genade uit die slawerny van Egipte.

Hy bewys Sy trou in die woestyn.

Hy skenk die Beloofde Land.

Ook in Sy wette rig God hulle oë op die verlossing.

Juis die tabernakel en offerandes en heilige feeste profeteer van die groot Priester wat Self die Offer aan die kruis sal bring en met bloed sal betaal. Die Psalms sing van die Messias. (Kyk, bv. Ps. 22 en Jes. 53 en die kruisiging). Die hele Ou Testament roep met heimwee en hartstog na die koms van Jesus Christus.

In die Ou Testament staan God se kinders nog voor die dagbreek. Hulle sien reeds die rooi-gloed van die nuwe dag en bokant aan die hemeltrans skyn die **blink môrester** (so word Jesus in die laaste boek van die N.T. in Openb. 22:16 genoem). Maar weldra, met die Nuwe Testament dan verskyn die **Son van Geregtigheid** (so word Jesus Christus in die laaste boek van die O.T. genoem, Mal. 4:2).

1.3 Die Bybel en die Heilige Gees

Deur die volle Bybel spreek God tot die mens. Dit is Sy Woord. Hierdie Woord word in Ef. 6:17 "die swaard van die Gees" genoem.

En nooit mag die Heilige Gees en die Woord van God geskei word nie. Dit sien ons dwarsdeur die Heilige Skrif. Die Gees werk altyd deur die Woord. So duidelik en konsekwent is dit dat oral waar daar beskrywe word dat dit die werking van die Gees is, dit meteen ook kan toegeskryf word aan die Woord.

Dit is byvoorbeeld die Heilige Gees wat die wedergeboorte werk. Maar nou stel die Bybel dit ook baie duidelik dat die Woord dit doen. So lees ons in 1 Petr. 1:23:

"Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige Woord van God".

'n Groot Duitse teoloog met die naam van Eichrodt het dit vir ons breedvoerig in 'n studie van die Bybel aangetoon hoe dat daar tussen die Heilige Gees en die Woord 'n onlosmaaklike samehang bestaan. Kom ons kyk na nog enkele voorbeelde:

In Hand. 1:16 sê die apostel Petrus: "Broers, die Skrifwoord wat die Heilige Gees tevore by monde van Dawid oor Judas uitgespreek het, moes vervul word".

Hierdie Skrifwoord is dan **Psalm 41:10.**

Ook in Heb. 3:7 word 'n groot gedeelte van Ps. 95 aangehaal as die Woord van die Heilige Gees.

In Heb. 10:16 word die Heilige Skrif in Jeremia 31:33 aangehaal as wat deur die Heilige Gees gesê is.

In Hand. 7:51 word weerstand teen die Woord genoem 'n weer-stand teen die Heilige Gees.

Hierdie voorbeelde kan met baie vermenigvuldig word om aan te toon dat Woord en Gees nie kan geskei word nie.

As ons van die onderskeiding 'n skeiding maak, word daar in die godsdiens groot ongelukke begaan.

As ons alleen met die Bybel wil werk sonder om te besef dat dit juis die Heilige Gees is wat die Bybel gebruik, dan verval ons maklik in 'n godsdiens van **rasionalisme** (= verstandsgodsdiens, godsdiens van die menslike rede. Die Latynse woord "ratio" = rede).

As ons aan die ander kant alleen die werk van die Heilige Gees ten koste van die Heilige Skrif oorbeklemtoon, dan verval ons in **geesdrywery, spiritualisme.** Dan verbeel die mens hom naderhand dat hy openbaringe sonder die Bybel kan ontvang en so

word die gesag van God se woord subjektief (= vanuit die mens self) afhanklik van die mens gemaak.

Uit hierdie twee uiterste dwalings deurdat die Heilige Gees en die Bybel van mekaar geskei word, het daar dan ook in die geskiedenis strominge gekom wat groot verwoestingswerk aan die kerk aangerig het.

Die **Rasionalisme** wat alleen met die menslike rede en sy verstand wil verklaar, het eindelik die kerkmense se **geloof** aangetas.

Die **Spiritualisme** of geesdrywery wat die Bybel vanuit die menslike gevoel en emosie benader, het nie meer die vastigheid en die sekerheid in God se Woord gaan soek nie, maar in die "inwendige lig" van hulle eie subjektiewe gemoed. Die gevolg is dat die Bybel opgebrokkel word in los tekste en dat die Ou Testament minderwaar-dig geag word teenoor die Nuwe Testament.

1.4 Die verhouding van die Ou Testament en die Nuwe Testament

Alreeds in die eerste eeue van ons jaartelling was daar mense wat die Ou Testament verkleineer het en selfs verwerp het. Ons vind dit alreeds by die **Gnostieke,** 'n godsdienstige groep met 'n mengsel van heidense (Griekse) filosofie en christelike idees. Vir hulle was die God van die Ou Testament van 'n laer orde, in teenstelling met die God van die Nuwe

Testament, die Vader van Jesus Christus.

Voorts dink ons aan **Marcion** die groot ketter van die tweede eeu vir wie die Ou Testament die openbaring was van 'n wrede, harde, liefdelose God teenoor die God van liefde in die Nuwe Testament.

Daarna het die geesdrywers van die **Montanisme** gekom wat die O.T. buite rekening gelaat het en met 'n emosionele opswepery alleen met tekste uit die N.T. en hulle eie persoonlike geloofservaring gewerk het.

Ook die **Manigeïsme** het 'n christendom sonder die O.T. bepleit.

In die Middeleeue vind ons dieselfde verskynsel by die **Spiritualiste** onder Joachim van Fiore.

Gedurende die 16de eeu met die Reformasie kom weer die **Anabaptiste** (= wederdopers) wat in die eerste plek die Heilige Skrif van minder belang teenoor hulle eie "inwendige lig" ag, maar ook veral die Ou Testament buite rekening laat.

Wat is dan die beginsels vir 'n suiwer beskouing van die verhouding van O.T. en die N.T.?

i. Daar is 'n gelykheid en 'n onderskeid

Met die O.T. en die N.T. het ons nie twee Bybels nie, maar EEN Bybel. Die een is nie ondergeskik aan die ander nie - dit is 'n eenheid, maar word onderskei van mekaar.

ii Die **eenheid** kom uit in dieselfde inhoud, nl. God se genade in **Jesus Christus.**

iii Die **onderskeid** kom uit in die **twee fases** van bediening van die Woord. Ons kan ook praat van die twee **maniere** waarvolgens die een inhoud, nl. die Evangelie van Jesus Christus tot ons gekom het.

Ons moet dus altyd die **eenheid** en die **onderskeid** i.v.m. die O.T. en die N.T. vashou. Dan is dit nie meer 'n geval van die een OF die ander nie, maar die een EN die ander.

Dat God, volgens Heb. 1:1, "tot ons voorvaders" (= die O.T.) op baie maniere gespreek het in die laaste dae (= met die Nuwe Testament) deur die Seun, beteken nie dat dit 'n ander Evangelie is nie, maar dieselfde Woord, maar in 'n ander vorm.

Ons kan dus praat van 'n **temporele** onderskeid (ou tyd en nuwe tyd) en 'n **formele** onderskeid (nie meer deur offerandes en bloed van offerdiere nie maar deur die kruis van Jesus).

Vanaf die O.T. na die N.T. was daar 'n heilige **ontwikkeling.** Soos die knop van 'n blom wat groter en groter swei totdat dit naderhand in sy volle kleure oopgaan, so bring die N.T. t.o.v. die O.T. die "heerliker verbond" en 'n "voortrefliker bediening" (vgl. ook Heb. 8 en 9). Die knop en die blom is nie twee losstaande eenhede nie. Vergelyk hoedat die Bybel self hierdie verhouding so duidelik beskryf in 2 Kor. 3:7 e.v.

Om saam te vat: Die O.T. en N.T. bring een en dieselfde Evangelie, maar dit geskied met twee bedienings. Dit is nie die een OF die ander nie, maar die een EN die ander. Nooit mag die een minderwaardig teenoor die ander geag word nie.

1.5 Kanoniek en apokrief

Op die titelbladsy van die Afrikaanse Bybel lees ons: (ou vertaling)

"DIE BYBEL - dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testamente bevat - oorgesit uit die oorspronklike tale".

Die woord Bybel kom van die Griekse woord "biblia" = boeke. En nou is dit so dat die een Bybel uit 'n biblioteek van 66 boeke bestaan. Ons noem hulle "kanonieke" boeke.

Hierdie woord kom van 'n Griekse woord wat oorspronklik "riet" beteken. En omdat 'n riet dikwels gebruik is om 'n maatstok te maak, het die woord naderhand die betekenis van **maatstaf** gekry.

Kanonieke boeke is dus boeke wat "gemeet" is, wat deur die kerk amptelik aanvaar is as die egte boeke van die Bybel. Dit het gebeur op die sinodes van Hippo Regius (393) en Kartago (397) in die noorde van Afrika.

Die woord **apokrief** beteken **verborge.** Apokriewe boeke is dan geskrifte wat reeds in die tyd van die O.T. en later ook tydens die N.T. langs die Bybel ontstaan het maar nooit as die egte Bybelboeke erken is nie.

Wat die O.T. betref het hierdie onegte boeke 'n plek gekry by die bundel van die **Septuaginta.** Die Septuaginta is 'n Griekse vertaling van die O.T. en beteken **sewentig,** gewoonlik in die Romeinse syfer LXX voorgestel na aanleiding van 'n legende dat dit sewentig vertalers was wat dit in ongeveer die 2de eeu voor Christus daargestel het in Alexandrië in Noord-Afrika.

In die eerste christelike eeue het die kerk verder te kampe gehad met 'n stroom onegte en vals evangelies. Van hierdie apokriewe boeke is egter opgeneem in die Latynse vertaling van die Bybel wat **Vulgata** genoem word en die Roomse Kerk erken hulle as deel van hulle Bybel.

Die teologiese wetenskap wat hom besighou met die wetenskaplike studie oor die ontstaan en die egtheid van die Bybelboeke, word **Kanoniek** genoem.

1.6 Die oudste tekste van die Bybel

Omdat die Bybel in die geskiedenis van die mensdom ontstaan het, het God dit ook laat skryf in die taal van die mense. So is die O.T. oorspronklik in **Hebreeus** geskryf met enkele gedeeltes van die boeke Esra en Daniël in Aramees, 'n latere vorm van Hebreeus. Die N.T. is geskryf in die taal wat destyds die algemene spreektaal van die Romeinse Ryk was, nl. **Grieks.**

Vandag besit ons nie meer die heel eerste oorspronklike geskrifte nie maar wel baie ou handskrifte. Tot in 1947 het ons van die O.T. alleen afskrifte uit ± 1 000 n.C. Toe daar in die jaar 1947 'n groot ontdekking van baie ou Bybel-boekrolle naby die Dooie See gemaak is, was dit behoorlik 'n opskudding. Dit was afkomstig uit die kloosters van 'n Joodse sekte, die sg. Esseners op die plek Qumram. In ongeveer 67 n.C. moes hulle vlug voor die Romeine en het toe waarskynlik hierdie ou geskrifte in grotte en skuilplekke versteek. Vandag kan hierdie ou tekste wat uit die eeue voor Christus dateer in die museum van Jerusalem gesien word en dit het onteenseglik 'n geweldige bydrae tot die egtheid van die Bybelboeke gelewer.

Ook wat die N.T. betref is die tekste van die boeke met pynlike nougesetheid deur monnike in die ou kloosters versorg.

Die Nederlandse Statevertaling (die Bybel wat ons voorouers en die Voortrekkers gebruik het) gaan bv. terug na 'n Griekse teks van ± 600 n.C. Tans is daar 'n hele aantal ouer Griekse tekste beskikbaar. So het die Duitse wetenskaplike Tischendorf in 1859 daarin geslaag om in die Russies-ortodokse Catharina-klooster van die berg Sinaï 'n afskrif van die oorspronklike N.T. te vind wat waarskynlik uit die 4de eeu n.C. dateer. Dit word genoem die "Codex Sinaiticus". (So terloops: in 1934 het die Britse Museum hierdie teks vir R200 000 van die Russiese regering gekoop). Ander bekende tekste van die N.T. is o.a. die "Alexandrinus" en die "Vaticanus".

1.7 Wat is Openbaringsgeskiedenis?

In Hebreeus is die woord **openbaring** "galá" en in **Grieks** "apokalipto". Albei beteken **oopmaak.** Wat verborge was, word nou ten toon gestel. Dit is soos 'n monument wat onthul word.

So is openbaring die teenoorgestelde as geheim. In die Bybel beteken openbaring dus die onthulling van Goddelike geheime.

In Deut. 29:29 staan daar: "Die verborge dinge is vir die Here ons God; maar die geopenbaarde dinge is in ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet".

Die begrip **geskiedenis** vertel van dit wat gebeur het, dit wat "geskied" het midde in die wêreld en die lewe van mense. Dit gee die werklike feite en gebeurtenisse.

Ten eerste openbaar God Homself aan die mens. Hy openbaar egter ook alles wat Hy in die loop van die geskiedenis doen. In die Bybel maak Hy bekend wat dat Sy doel met die skepping is en alles wat gebeur:

"Want die Here HERE doen niks tensy Hy Sy raadsbesluit aan Sy knegte, die profete geopenbaar het nie" (Amos 3:7).

Hierdie dinge het God die Heilige Gees laat opskrywe in verskillende Bybelboeke.

Die Bybel is dus nie die resultaat van die mens se idees of sielkundige en filosofiese beskouings of letterkundige ambisies nie, maar dit bly van begin tot die einde God se eie werk waarin Hy mense en die geskiedenis as Sy instrumente gebruik.

In kort: Openbaringsgeskiedenis is die geskiedenis wat in die Bybel beskryf word oor hoe God Homself aan die mens bekendgemaak het en waardeur die sin en die doel van alles kan geken word.

1.8 Die wêreld van die Nuwe Testament

i. Die groot Romeinse Ryk

Met die begin van die Nuwe Testament was die land Palestina met die Joodse volk deel van die magtige Romeinse Wêreldryk. Dit het feitlik al die lande rondom die Middellandse See beslaan en het gestrek van die Atlantiese oseaan in die weste tot ongeveer tot by die Eufraatrivier in die ooste; van die Noord-Afrikaanse lande in die suide tot ongeveer die Ryn- en die Donouriviere in die noorde in Europa. Die hoofstad was Rome en vandaar het die keiser met 'n senaat hierdie magtige wêreldryk geregeer - ook deur goewerneurs wat oor die verskillende lande as kolonies geplaas is. Soms was daar ook "onderkonings" soos bv. Herodus in Jerusalem.

Dat daar een groot politieke staat was, het voordele vir die uitbreiding van die Evangelie gehad:

* Die apostels en sendelinge kon maklik met dieselfde paspoort van die een land na die ander reis.

* * Daar was een regstelsel met een burgerskap wat voordele vir vervolgde christene ingehou het.

* * * Daar was een amptelike internasionale taal wat deur almal verstaan is, nl. Grieks, waardeur die Evangelie maklik kon versprei en waarin die boeke van die Nuwe Testament geskryf is.

* * * * Paaie en verbindingstelsels was vir daardie dae baie goed waardeur die Evangelie in 'n kort tyd kon oorgedra word.

ii. Die Jode

Onder hulle vind ons hoofsaaklik **twee groepe** nl. die wat in Palestina gewoon het en hulle wat buite hulle vaderland feitlik oor die hele Romeinse Ryk 'n heenkome moes vind. Laasgenoemdes is die **"Jode in verstrooiing"** genoem, oftewel **"diaspora".** Hierdie Jode van die "diaspora" het veral in die groot stede en dorpe gewoon en hulle sinagoges was dikwels die aanknopingspunte vir die apostels. Dit is juis vanuit hierdie groep wat die Griekse vertaling van die O.T., die Septuaginta (LXX) gekom het wat dikwels in die Nuwe Testament aangehaal is deur die skrywer.

Onder die Jode binne Palestina was daar verskillende **gods-dienstige partye** met selfs politieke aksente. O.a. noem ons die volgende:

Die Fariseërs: Hulle naam beteken waarskynlik die "afgesonderdes". As 'n godsdienstige party ontstaan hierdie groep in die tyd van die Makkabeërs, d.w.s. voor die begin van die Nuwe Testament. Hulle kom uit die "chasidim" = die vromes wat die wet van God suiwer moes bewaar teenoor die heidene. Maar behalwe die geskrewe wet van die O.T. het hierdie Fariseërs ook nog 'n menigte ander wette, selfs oor nietighede opgestel en dit word 'n lewens-houding van gebod op gebod en reël op reël. Die gevolg was 'n uitwendige, skynheilige vormgodsdiens met 'n mentaliteit dat God hulle vir hulle goeie werke moes beloon. Geen wonder nie dat hulle juis van die grootste teenstanders van Jesus sou wees.

Teenoor die aristokratiese vrysinnige Sadduseërs, was die Fariseërs die demokratiese regsinniges in hulle eie oë.

Die Sadduseërs: Afkoms van hulle naam is onseker. Kenmerkend van hulle godsdiens was dat hulle alleen die wet van Moses handhaaf sonder oorlewering en 'n menigte ekstra wette soos die Fariseërs. Volgens Hand. 23:8 het hulle nie in die opstanding van die dode en in die bestaan van geeste geglo nie. Ook was hulle 'n aristokratiese groep wat veral onder die rykes en die elite voorgekom het en in die Sanhedrin (die Joodse Raad tydens Jesus se omwandeling) het hulle die meerderheid gehad. Teenoor die Fariseërs was hulle ook baie meer liberaal en vrysinnig in die Joodse godsdiens - hulle was die verligtes.

Die Esseners: Hulle is 'n godsdienstige groep wat hulle in kloosters digby die Dooie See afgesonder het en met 'n pynlike nougesetheid hulle geloof probeer uitleef het. Hulle stel hulle teen die wettisisme van die Fariseërs, maar verval self in sisteem van moralisme. Verder het hulle hul besig gehou met intense Skrifstudie en vandaar die waardevolle Bybelboekrolle wat hulle in grotte agtergelaat het en wat in 1947 deur 'n Arabiese bokwagter-seun gevind is.

Die Selote: Hier het ons 'n fanatieke opposisie-party teen die Romeinse owerheid. Hulle gaan soms ondergronds en huiwer nie om sabotasie en gewapende opstand te onderneem nie. Judas die Galileër (Hand. 5:37) was waarskynlik een van hulle leiers. Maar selfs een van die dissipels, Simon Selotes (Luk. 6:15) kom uit hierdie groep.

Die Skrifgeleerdes: Met die instelling van die Joodse sinagoge - die plek waar die Jode plaaslik saamgekom het vir hulle godsdiens-oefening, het daar ook 'n stand van leermeesters" ontstaan, die "Rabbi's" (rabbi = my meester). Hoewel hierdie Skrifgeleerdes uit die Fariseërs gekom het, was ook die Sadduseërs onder hulle verteenwoordig. Hulle was ook die "Wetgeleerdes", want hulle het die Wet van die O.T. in die sentrum geplaas. Dit was naderhand nie meer die diens van God deur die wet nie, maar 'n diens aan die wet - selfs in die plek van God.

Die Herodiane: Hulle was lojale ondersteuners van die Herodus-konings en het selfs in hierdie Herodus-onderkonings in die Romeinse Ryk die veiligste toekoms vir die Jode gesien. Daarom was hulle ook dus indirek lojaal teenoor die Romeinse owerheid in teenstelling met die Fariseërs (Matt. 22:16 e.v.).

Die geestelike toestand van die Joodse volk: Daar het alreeds byna vyf eeue verbygegaan na die Ballingskap in Babel. En in hierdie tyd het dit al hoe treuriger met die Joodse volk gegaan. Die Griekse kultuur (Hellenisme) het hulle oorstroom. Op politieke gebied was hulle onderhoriges. Op godsdienstige gebied is hulle verslaaf aan die godsdienstige rigtings van veral die Fariseërs en Sadduseërs en die Skrifgeleerdes. Die Sanhedrin, die Joodse Raad, het die gewone volk onmondig gehou. Daarby was Palestina nog steeds 'n land met 'n gemengde bevolking en het hulle groot las van heidense godsdienste gehad. Ons kan begryp dat daar 'n verlange na die koms van God se Koninkryk onder die volk bestaan het en 'n verwagting van die Messias. Dit het gekom met "die volheid van die tyd" (Gal. 4:4), die vervulling van die O.T. met die koms van Jesus Christus.


DIE ROMEINSE RYK 2de TOT 4de EEU nC.
MODERNE LANDE GEE AANDUIDING
HOE GROOT DIE RYK WAS
IERLAND
ENGELAND
NEDERLAND
BELGIË
DUITSLAND
OOSTEN-
RYK
HONGARYE
SWARTSEE
SWITZERLAND
JOEGO – SLAWIË
BULGARYE
TURKYE
FRANKRYK
SIRIË
ALBANIË
GRIEKELAND
ITALIË
CYPRUS
ISRAEL
JORDANIË
KRETA
N
PORTUGAL
SPANJE
TUNISIË
ALGERIË
LIBIË
EGIPTE
MOROKO

Hoofstuk 2

Matteus: Jesus is die Koning!

2.1 Waarom vier "evangelies"?

Dit is nog altyd 'n groot vraag: Waarom begin die Nuwe Testament met vier boeke wat oor dieselfde geskiedenis handel? Waarom die vier "evangelies" Matteus, Markus, Lukas en Johannes?

Dit is egter nie vier "evangelies" nie maar die EEN evangelie deur vier verskillende skrywers wat hulle boeke onder leiding van die Heilige Gees geskryf het. In Gal. 1:6 word baie duidelik gesê dat daar maar slegs één evangelie is en "geen ander" nie.

Maar dieselfde evangelie word van vier verskillende kante af beskryf. (Vgl. bv. die verskillende beskrywings van 'n motorongeluk deur die mense wat dit van verskillende kante af gesien het: A sien die groot bus wat op sy sy lê van sy onderkant af terwyl B weer die ambulans met die aanhoudende geflits van 'n lig sien, ens.).

So kom die vier skrywers as't ware van verskillende kante aangestap:

Matteus beskryf hoedat in Jesus die Ou Testament vervul is. Hy verbind die Nuwe Testament direk vas aan die Oue. Hy bewys dat alles wat in die Ou Testament oor Jesus voorspel is, hier in die Nuwe Testament gebeur. Met Matteus is die brug gebou. Met Matteus kan ons vanuit die Ou Testament instap in die Nuwe Testament.

Markus beskryf Jesus as die almagtige Koning wat Sy Koninkryk opgerig het.

Lukas (die mediese dokter) vestig die aandag op Christus as die barmhartige Hoëpriester, die Redder uit die mens se ellende.

Johannes beskryf Jesus as die groot Profeet wat nie alleen God se Woord bring nie, maar ook self die vleesgeworde Woord is.

Opvallend: Die eerste drie geskrifte, Matteus, Markus en Lukas, word die **sinoptiese** evangelies genoem omdat die inhoud so sterk ooreenkom (sinopsis = oorsig). In Matteus is bv. 600 van Markus se 661 verse oorgeneem en by Lukas ongeveer 350.

2.2 Wie was Matteus en wanneer skryf hy sy boek?

Matteus word ook Levi genoem. Hy was 'n tollenaar in die stadjie Kapernaüm (Mark. 2:14, Luk. 5:27). D.w.s. hy was 'n doeane-beampte in diens van die Romeine en wat die Jode betref was dit 'n veragtelike betrekking. Die werk wat hy nougeset met getalle en statistieke moes doen, het handig te pas gekom in sy navorsing vir sy geskrif.

Die plek Kapernaüm neem 'n besondere plek in Matteus in. Dáár het Jesus ook vir 'n tyd lank gewoon. In Matt. 4:13 staan: "Hy het nie in Nasaret gaan bly nie, maar Hom gaan vestig in Kapernaüm by die see . . ." Dit was Jesus se "eie dorp" (Matt. 9:1).

Wanneer skryf Matteus sy boek? Ons weet nie presies nie, maar dit is waarskynlik vóór die verwoesting van Jerusalem. Waarskynlik is dit ook ná Markus se geskrif.

2.3 Met watter doel skryf Matteus?

Volgens oorlewing in die ou christelike kerk, het Matteus sy geskrif eers in Hebreeus of in Aramees (die Jode se spreektaal in die eerste eeu) geskryf en later is dit in Grieks vertaal.

Veral het Matteus sy eie volk, die Jode op die oog, juis die Joodse christene. Die doel is baie duidelik: om aan te toon dat Jesus die beloofde en langverwagte Messias was. In Hom is die Ou Testament vervul. In Jesus trek al die profesieë en al die geskiedenis van Israel van die Ou Testament saam.

Die aansluiting by die Ou Testament is baie opvallend: Nie minder as 47 keer word 'n teks daaruit aangehaal nie! Dikwels word 'n gebeurtenis aangedui met die woorde "sodat die woorde wat die Here deur Sy profeet gesê het, vervul sou word" (Matt. 1.22, 2:5, 15, 17, 23, 4:14, ens.). Die begrip "koninkryk van God" of "koninkryk van die hemele" word dikwels (51 keer) gebruik waardeur die Joodse volk opgeroep word om Jesus as die Koning van Israel wat beloof is, moet erken.

Hierdie Koning stig dan sy **nuwe volk,** die **kerk** (Ekklesia in die oorspronklike Grieks), die **gemeente** (Matt. 16:18).

2.4 Bou en komposisie van Matteus

Hier is 'n duidelike plan. Die hele boek is rondom **vyf redevoerings** of toesprake gebou. Vyf sleutel-tekste sluit elke keer 'n redevoering af:

Matt. 7:28 "Toe Jesus klaar gepraat het. . ."

Matt. 11:1 "Toe Jesus klaar was met die opdragte . . ."

Matt. 13:53 "Toe Jesus hierdie gelykenisse klaar vertel het. ."

Matt. 19:1 "Nadat Jesus klaar gepraat het . . ."

Matt. 26:1 "Nadat Jesus oor al hierdie dinge klaar gepraat het . . ."

Die bou van die Matteusboek lyk dan soos volg:

1:1 - 4:25	Geslagsregister, geboortegeskiedenis, doop, versoekings en eerste optrede van Jesus
5:1 - 7:27	**Eerste redevoering:** Die Bergrede
7:28 - 10:4	Jesus se optrede in Kapernaüm en omgewing (Galilea)
10:5 - 42	**Tweede redevoering:** uitsending van die 12 dissipels
11:1 - 12:50	Jesus se verdere optrede in Galilea
13:1 - 52	**Derde redevoering:** Gelykenisse
13:53 - 17:28	Jesus se optrede onder die skaduwee van die komende lyding
18:1 - 35	**Vierde redevoering:** verdere beskrywing van die Koninkryk van die hemele
19:1 - 22:46	Jesus op pad na Jerusalem
23:1 - 25:46	**Vyfde redevoering:** profetiese rede en oordeel
26:1 - 28:20	Kruisdood en opstanding

2.5 Enkele Ou Testamentiese gesigspunte

Die "Genesis"-motief

Die Nuwe Testament (Matteus se eerste vers) begin met die woorde: "Die geslagsregister van Jesus Christus . . ." Letterlik staan daar in die Grieks: Die "genesis" van Jesus Christus . . . In die Septuaginta (Griekse vertaling van die O.T.) word ook die geslagsregister van Adam

(Gen. 5:1) "genesis" genoem. Matt. 1:1 lê dus onmiddellik die verbindingmet die begin van die Ou Testament. Matteus is dan eintlik die "genesis" van die Nuwe Testament.

Die "Eksodus"-motief

Die gedagte van die "eksodus" (= uittog) kom ook sterk na vore in die Matteusboek. Josua lei die volk Israel deur die Jordaan na die beloofde land (Jos. 3), maar die tweede Josua naamlik Jesus (die naam Jesus in die N.T. is dieselfde as die naam Josua in die O.T.) gaan ook deur die Jordaan om gedoop te word en Sy volk te lei na die ewige Beloofde Land.

Israel gaan deur die woestyn en dit is vir hulle 'n beproewing, maar Jesus gaan ook deur die woestyn om deur die duiwel versoek te word (Matt. 4).

Die nuwe "Moses"

Jesus word uit die kindermoord gered (Matt. 2:16 e.v.) - soos Moses. Jesus word ook direk verbind met Israel se uittog uit Egipte. Matt. wys daarop hoe dat Hos. 11:1 vervul word met die vlug en terugkeer uit Egipte: "Uit Egipte het Ek my Seun geroep . . ."

Opvallend is ook die oordeel wat Johannes die Doper oor die Fariseërs en Sadduseërs aankondig (Matt. 3:1-12). Dit het 'n merkwaardige ooreenkoms met die oordeel wat Moses in Deut. 32 oor die verbondsbrekers aankondig:

Deut. 32:18 Die kliprots wat jy verag het... **Matt. 2:9** Uit die klippe kinders vir Abraham ...

Deut. 32:22 Die oordeelsvuur ... **Matt. 3:11, 12** Christus doop met vuur...

Deut. 32:32, 33 Geen goeie vrugte nie ... **Matt. 3:10** Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie ...

Jesus, die "tweede" Moses, gaan Hom ook in Sy laaste redevoering (Matt. 23 en 24) weer aansluit by die prediking van Johannes die Doper wat op sy beurt weer aansluit by Moses se laaste rede op die vooraand van die intog in die Beloofde Land.

2.6 Samevattend

Die Matteusboek is met 'n bepaalde doel geskryf. Dit gaan nie ten eerste oor 'n geskiedkundige oorsig oor Jesus se woorde en werke in kronologiese volgorde nie, maar dit beskryf Jesus as die Messias, as die Christus, as die langverwagte Koning wat in die Ou Testament beloof is.

Dit is nie 'n historiese verslag nie, maar 'n prediking - nie 'n biografie nie, maar 'n getuienis.

En hierdie doel het die samestelling van die boek bepaal. Matteus is nie 'n planlose kompilasie (samestelling) nie, maar 'n sorgvuldige kom-posisie met 'n volledige harmonie.

Hoofstuk 3

Jesus se Geslagsregister en Geboortegeskiedenis

3.1 Die geslagsregister volgens Matteus

Dit is die "genesis" van die N.T. Dit toon 'n duidelike bou en kom-posisie: 3 x 14 geslagte (1:17). Hier is dus drie groot periodes: Abraham tot Dawid - opkoms van die Verbondsvolk Israel, Dawid tot Babiloniese ballingskap - koningskap van die Dawidstroon, Babiloniese ballingskap tot Christus - insinking in die dieptes en donkerheid totdat die "Son van Geregtigheid" (Mal. 4:2) verskyn.

Die **koningskap** van **Dawid** word besonder beklemtoon: alleen by die naam Dawid word gesê dat hy "Koning" was (1:6).

Volgens die Hebreeuse taal word die naam Dawid met slegs drie letters gespel, bv. DaWiD - slegs die drie medeklinkers terwyl die klinkers (a en i) met "jotas" en "titels" ingevoeg word. Nou is die getalswaarde van die letters D W D 14 (D = 4, W = 6, D = 4).

Maar die 3 x 14 geslagte is ook 6x7. Die hele werk van die Drie-enige God kom dan in perspektief:

God die VADER voltooi aan die begin van die Openbaringsgeskiedenis die Skepping in 6 dae en die 7de dag rus Hy.

Aan die einde van die geskiedenis in die "laaste dae" voltooi God die HEILIGE GEES Sy werk in 6 x 7 werktye (vlg. Openb. 11 en 12 se 42 maande = 6 x 7 of die 1 260 dae = 42 maande = 6x7; verder die hele getalle-simboliek rondom die getal 7).

En in die geskiedenis lê die groot werk van God die SEUN (die verlossingswerk) tussen die werk van die VADER en die werk van die GEES, d.w.s. die 6 x 7 geslagte van die Genadeverbond.

Hierdie geslagsregister volgens Matteus gee nie die bloedlyn soos wat ons dit vind by Luk. 3 nie, maar die koningsregister - juis om Jesus as die ware Dawid en as die ewige Koning aan te dui.

Jesus is dus die eintlike kroonprins van die Dawidstroon.

Die genade wat deurbreek:

Dit sien ons in die name van die vier "heidense" vroue -**Tamar** (die sonde en skande in Gen. 38) **Ragab** (Jos. 2 - staan gewoonlik bekend as "Ragab die hoer") **Rut** (die Moabietiese vrou - nasaat uit die skanddade van Lot se dogters, slot van Gen. **19)**

Die vrou van Uria = Batseba. Met hierdie enkele verwysing word die gruwelike paleis-sonde, owerspel en moord deur Dawid, na vore geroep (vlg. ook Ps. 51 en 2 Sam. 11)

So diep het Jesus Christus Homself ter wille van sondaars neergebuig dat hy Hom nie geskaam het vir sy "stammoeders" nie.

So begin Matteus sy boek met die Evangelie van GENADE teenoor die Fariseërs met hulle godsdiens met werkheiligheid uit verdienste en goeie werke.

3.2 Die geslagsregister volgens Lukas

Dit is merkwaardig dat ook die evangelis Lukas 'n geslagsregister van Jesus gee (Luk. 3:23-

38). Dit verskil egter baie duidelik. Matteus volg die orde en historiese lyn volgens die konings van Juda (hy wil juis bewys dat Jesus die kroonprins is!). Drie van hierdie konings word egter oorgeslaan, nl. Ahasia, Joas en Amasia, maar die bloedlyn van hierdie koningsgeslag word weer presies opgeneem. Eindelik kom die geslagsregister uit by Maria, Jesus se moeder en Josef, sy aardse vader.

Lukas begin weer sy geslagsregister by Josef en gaan vandaar af terug, nie net tot by Abraham nie, maar by Abraham verby tot by Adam, die seun van God. Lukas noem nie soos Matteus die konings nie.

3.3 Die geboortegeskiedenis volgens Matteus

Hierdie beskrywing in Matt. 1:18-25 vertel wat gebeur het ná die aankondiging van Jesus se geboorte volgens Luk. 1:26-56.

Maria het na drie maande se verblyf by Sagarias en Elizabeth (Luk. 1), teruggekeer na Nasaret. En toe het Josef haar verloofde agterkom dat sy swanger is.

Wat 'n skok! Dink net aan die skindertonge. En daarby was 'n verlowing in Israel net so 'n sterk band as 'n huwelik - hulle het egter nog nie "saamgekom" nie (1:18 volgens ou Afr. vertaling, d.w.s. nog nie huweliksgemeenskap gehad nie). Volgens die wet in Deut. 22:23-24, moet 'n verloofde meisie wat geslagsgemeenskap met 'n ander man het, gestenig word.

Josef wat "regverdig" was (1:19) is egter jammer vir Maria en wil haar nie uitlewer nie en probeer "om die verlowing stilweg te verbreek".

Maar God gryp in! 'n Engel van die Here verskyn aan Josef in 'n droom:

"Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om Maria as jou vrou te neem nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees" (Matt. 1:20).

En dan kom die bevel dat die seun **JESUS** genoem moet word = Saligmaker, Redder, Verlosser.

In een naam, Jesus, word die eintlike betekenis van Sy groot werk beskryf.

Dit is ook die vervulling van die O.T. Dit is die profesie van **Jes. 7:14** wat hier geopenbaar word. Jesus is die Immanuel = God met ons. Daarmee begin die boek van Matteus en daarmee eindig dit as Jesus na Sy opstanding sê: ek is met julle tot die voleinding van die wêreld (Matt. 28:20).

3.4 Die geboortegeskiedenis volgens Lukas

By Lukas staan die Priester-Koning op die voorgrond. Hy is die ewige Hoëpriester wat die offer gaan bring. Daarom begin Lukas sy geskrif by die tempel en dit eindig met die tempel. Eers word die geboorte van die Wegbereider (Johannes die Doper) beskryf om daarna Jesus self ten volle in die lig te laat tree.

Herhaaldelik word daar gefokus op die troon van Dawid (Luk. 1:32) en ook die stad en die geslag van Dawid (Luk. 2:4, 11 e.v.). Jesus is die verwagte Seun van Dawid.

Verder plaas Lukas die geboortegeskiedenis in die raam van die geskiedenis volgens die Romeinse keisers, Augustus en Tiberias. Ook die goewerneur van die Romeinse regering, nl. Pontius Pilatus en die onderkonings Herodus, Filippus en Lisanias word op die toneel gebring (Luk. 2:1, 3:1). Ons sien meteens die politieke en staatkundige legkaart.

In vergelyking met Matteus wat Jesus as die beloofde Koning beskryf, dwing Lukas sy lesers om raak te sien dat die Joodse tempel en die hele Romeinse Ryk by hierdie Kind wat gebore

word, betrokke is.

Nog die kerk (tempel), nog die wêreld (Romeinse Ryk) kan meer neutraal staan teenoor hierdie Koning van die konings nie!

Hoofstuk 4

Johannes die Doper

Wie was nou hierdie heel besondere en selfs eienaardige figuur wat genoem word Johannes die Doper?

Jesus gee 'n oorbluffende uitspraak oor hom: "Dit verseker Ek julle: Onder die mense op die aarde is niemand gebore wat groter is as Johannes die Doper nie, en tog is die geringste in die koninkryk van die hemel groter as hy" (Matt. 11:11).

Oor sy geboorte word breedvoerig in Luk. 1 gehandel. Sy verskyning is oorbluffend:

Hy lyk soos 'n eensame woestyn-swerwer. Sy klere is van velle (kameelhaar). Sy kos is sprinkane en veldheuning (Matt. 3:4).

Matteus vertel dat die profeet Jesaja reeds die koms van hierdie man beskryf het (3:3). Dit staan in Jes. 40:3: "Iemand roep in die woestyn; Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit!"

Johannes is dus die "Wegbereider" vir Jesus. Hy is die boodskap-per, die herout, wat die koms van Jesus Christus aankondig.

Na 400 jaar van stilswye (die tydperk tussen Maleagi en Matteus) is daar meteens weer 'n profeet onder Israel. Hy vorm die brug tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament. Maleagi dui hom alreeds aan as "Elia" (4:5) en in sy voorkoms lyk hy ook sprekend na die profeet Elia in die Ou Testament (2 Kon. 1:7-8).

Jesus self dui Johannes die Doper aan as die Elia (van die N.T.) wat moes kom (Matt. 17:10 e.v.).

4.1 Johannes se prediking

Hierdie man van die woestyn verskyn uit die bloute aan die volk Israel. Hy is 'n profeet en sy prediking kom soos 'n donderslag: "Bekeer julle want die koninkryk van die hemel het naby gekom" (Matt. 3:2).

Daar moet 'n totale, radikale verandering op die Jode se lewenspad kom. Hulle moet hulle heeltemal afkeer van die sondes.

Dit is oordeelspreke wat roep om boetedoening.

Wat 'n opskudding! Matteus sê dat die mense van Jerusalem en die hele Judea en in die omgewing van die Jordaan na Johannes gestroom het om hulle deur hom te laat doop.

In Luk. 3:1-19 word 'n relaas van Johannes se prediking gegee.

Op sy oproep tot bekering wil die mense weet wat dat hulle dan werklik in die praktyk moet doen? Sy antwoord kan saamgevat word in die eis van die liefdesgebod op alle lewensterreine. Dra vrugte wat by die bekering pas! (Luk. 3:8).

Hierdie prediking van Johannes het tweërlei doel: **Ten eerste** moet hy die selfvoldaanheid, die eiegeregtigheid en die verwaandheid van die Joodse volk deurbreek en **ten tweede** moet hy dieselfde volk gereedmaak om die Messias, die Christus, te ontvang.

4.2 Die doop deur Johannes

Dat Johannes mense gedoop het, het groot betekenis gehad. Daarvolgens word hy genoem:

die Doper. Dit was die kenmerk van sy optrede.

Maar hierdie doop deur Johannes was uniek - anders as enige ander doop. Dit word beskryf as "die doop van bekering tot vergewing van sondes" (Mark. 1:4).

Hierdie doop deur Johannes **bewerk** nie die bekering nie, maar **bevestig** dit.

Ook die doopwater gee nie die vergewing nie, maar is die teken, die simbool van reiniging. Soos wat water die mens se liggaam reinig, so word die mens se hart, sy lewe van sonde deur God gereinig.

Hierdie doop is dan profeties van Jesus se verlossing wat Hy gaan bring.

"Ek doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat na my kom, is my meerdere . . . Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop" (Matt. 3:11).

Die doop deur Johannes verskil ook van die sogenaamde proselietedoop deur die Jode - dit is wanneer 'n heiden 'n Jood word. Dan word die heidendom "afgewas". Die skokkende vir die Jode is nou dat Johannes preek dat juis die Jode self moet gedoop word! Hulle ou sondige lewe moet afgesluit word en hulle moet 'n nuwe bekeerde lewe ly.

4.3 Hoe sien Johannes vir Jesus?

Johannes die Doper moes as profeet die volk Israel voorberei op die koms van die Messias, die Christus.

Sy prediking is egter in telegramstyl - kort en kragtig en hy sien nie alleen die eerste koms van die Christus nie, maar ook alreeds die eindoordeel, die wederkoms. (Matt. 3:10-12; Luk. 3:9, 16-17).

Eers sien Johannes Jesus as "die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem" (Joh. 1:29).

Daarna sien Johannes Jesus as die Bruidegom (die Christus) wat kom tot Sy bruid (die kerk) - Joh. 3:29.

4.4 Johannes se twyfel (Matt. 11:2-6; Luk. 7:18-23)

Johannes het 'n bitter smartlike lewenseinde gehad. Herodus (die seun van Herodus die Grote) het hom in die tronk gestop omdat Johannes hom vermaan het oor sy sonde dat hy met sy broer se vrou saamleef.

In die gevangenis beleef Johannes die harde feit dat die verskriklike onreg gepleeg word en daar is nog niks te sien van die Messias se oordeel nie. As profeet het hy dan hierdie oordeel aangekondig en daar gebeur niks nie.

Is Jesus dan werklik die Christus? Hy begin twyfel. En toe stuur hy twee van sy volgelinge om dit reguit vir Jesus te vra: "Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?" (Matt. 11:3)

Jesus antwoord met die konkrete feite. Kyk tog wat gebeur. Is dit nie werklike verlossing nie? "Gaan vertel vir Johannes wat julle hoor en sien: Blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, en aan armes word die evangelie verkondig." (Matt. 1:4, 5)

Hier sien ons hoe dat die Koninkryk van God deurbreek in hierdie wêreld! En ons sien Jesus as die groot ewige Verlosser met Sy almagtige Koningsmag.

4.5 Johannes die Doper se dood (Matt. 14, Mark. 6 ens.)

Wat 'n ontsettende verskriklike ding. Johannes se kop word afgekap deur die toedoen van 'n vrou wat in ontug met die koning lewe. Die geleentheid is ewe bedenklik. Herodus maak 'n ydele belofte aan die meisie Herodias wat hom bekoor met 'n suggestiewe dans - net wat sy vra sal hy gee!

En die morbiede prys deur 'n listige vrou? Die bebloede hoof van Johannes op 'n skottel! Dit word dan die trofee van die ongeloof.

Johannes word dan 'n bloedgetuie, 'n martelaar, ter wille van Jesus.

Ook vir Jesus is dit ontsettende smart en lyding - en hy ly alleen daaroor! Alleen vaar Hy weg met die skuitjie (Matt. 14:13).

Hoofstuk 5

Markus: Die koning se dade

5.1 Wie was Markus?

'n Biskop met die naam Papias het in die jaar 140 n.C. beweer dat Markus die herinneringe van Petrus, die Here se dissipel, opgeskryf het. Dit is dan ook opvallend dat die negatiewe dinge oor Petrus sterk op die voorgrond staan (Mark. 8:32,14:29; 14:66-72). Aan die ander kant word die pragtige woord aan Petrus as die rots (sy belydenis) en dat hy op die see gewandel het, nie in Markus vermeld nie. Markus vermeld ook dat Jesus by Petrus se verloëning **tweekeer** voorspel dat die haan sal kraai; die eerste waarskuwing was nie genoeg nie!

Markus was waarskynlik dieselfde persoon as Johannes Markus, die seun van Maria, in wie se huis die christene van Jerusalem bymekaar gekom het (Hand. 12:12). Dit word aangeneem dat hy ook die jongman was wat nakend by Getsemané weggehardloop het (Mark. 14:51).

Markus se oom was Barnabas met wie hy ook saam met Paulus op die eerste sendingreis vertrek. Hy laat hulle egter in die steek en keer terug na Jerusalem (Hand. 13:13). Hieroor ontstaan daar later 'n twis tussen Paulus en Barnabas (Hand. 15:37 e.v.). Bloed is dikker as water en so gaan Markus saam met sy oom verder na Siprus (Barnabas se geboorteland) en Paulus neem Silas saam met hom (Hand. 15:40).

Later kom daar egter weer pragtige versoening tussen Paulus en Markus. In die tronk soek Paulus weer die kontak met hierdie jong evangelis (Kol. 4:10, 11; 2 Tim. 4:11).

Petrus het so 'n groot band met Markus gehad, dat hy hom "my seun" noem (1 Petr. 5:13).

5.2 Wanneer en waar skryf Markus sy evangelie?

Waarskynlik skryf Markus sy boek vanuit Rome vir die Romeinse christene. Vermoedelik was hy en Petrus dieselfde tyd daar. Petrus skryf weer sy eerste brief ook vanuit Rome, maar hy noem die gemeente met 'n skuilnaam, "die gemeente in Babilon" (waarskynlik vanweë die verskriklike vervolging).

Ook is dit opvallend dat Markus se geskrif 'n sterk **Romeinse** karakter het en in sy taal en styl gebruik hy nogal heelwat Latynse terme en woorde. Waar Matteus mees as veertig keer aanhalings uit die Ou Testament gee, doen Markus dit baie selde en dan doen hy ook nog moeite om die tipiese Aramese woorde (die Jode se spreektaal) te vertaal, bv. "talita koem" (= dogtertjie staan op, Mark. 5:41) en "Effata!" (= gaan oop, Mark. 7:34).

Oor die algemeen is die navorsers dit vandag eens dat die boek Markus die oudste van die evangelies is en gewoonlik word die tyd van ontstaan tussen 60 en 65 n.C. gestel.

5.3 Die inhoud en strekking van die boek Markus

Ons kan die boek hoofsaaklik in twee dele indeel:

a. Jesus se werk onder Sy volk, hoofsaaklik 1 tot 9;

b. Jesus se pad na Jerusalem met sy lyding en strewe, vanaf hoofstuk 10.

Hoofmotiewe in die Evangelie volgens Markus is die volgende: **1** . **Jesus se dade staan op die voorgrond.** Hier sien ons die almagtige Koning wat met krag optree. Dit is 'n

oorbluffende op-trede. Jesus is tot geweldige dinge in staat. Ook die duiwels swig voor Hom (Mark. 5:1-20).

Die beskrywing van Markus is vol daadkrag en dinamiek. Tref-fend is die woord "dadelik" wat meer as 70 keer voorkom (bv. 1:21; 1:29; 1:42; 2:2; 2:12, ens. Ongelukkig kom dit nie so duidelik na vore in die nuwe Afrikaanse vertaling nie).

2. **Die dade van heerlikheid staan teenoor die dade van lyding** Na die verheerliking op die berg (Mark. 9:2 e.v.) kom daar 'n wending. Die vaart en haastige tempo van die dade (die "dadelik") word nou gerem. Die lyding en groot "daad" van Jesus se dood gaan nou in besonderhede beskryf word. Die kalender word gevolg en die dae word getel. Waar Matteus van die lyding 'n samevatting gee sonder om die volgorde in die verloop van alles te volg, werk Markus soos met 'n dagboek:

eerste dag: intog in Jerusalem en besoek aan die tempel (11:1 e.v.);

tweede dag: vervloeking van die vyeboom en tempelreiniging (11:12 e.v.);

derde dag: verdorring van die vyeboom en gesprekke in die tempel (11:20 e.v.) vertrek uit die tempel en profetiese rede (13:1 e.v.);

vierde dag: verraad van Judas (14:1, 10 e.v.);

vyfde dag: Paasfees en nagmaal (14:12 e.v.); arrestasie, ens.;

sesde dag: veroordeling, kruisiging, begrafnis;

agste dag: opstanding (16 e.v.)

Opsetlik word die lyding en sterwe van Jesus in die Markusevangelie breedvoerig geteken. Oor die opstanding is hy weer merkwaardig kort.

3. **Die verborge Messias**

Jesus kom om die evangelie te bring. Dit is die blye boodskap. Hierdie evangelie is vir **sondaars (2:17).** Dit is ook vir die **heidene** (7:24 **e.v.).**

Maar waarom verbied Jesus alle propaganda vir Hom?

Vir die melaatse wat Hy genees sê Hy: "Moet vir niemand iets hiervan vertel nie . . ." (1:44).

By die genesing van 'n dogtertjie en 'n vrou, gee Jesus "streng opdrag om niemand anders daarvan te laat hoor nie . . ." (5:43).

By die genesing van 'n doofstom man belet hy hulle om dit vir iemand anders te vertel (7:36).

Jesus belet selfs Sy dissipels om aan die mense te vertel dat Hy die Christus is! (8:30).

Self die verheerliking op die berg moet aan niemand vertel word nie! (9:9).

Waarom nou die swye oplê?

Hier sien ons die spanning tussen die Koning se heerlikheid en Sy lyding. Die gevaar was baie groot dat die volk se entoesiasme op 'n verkeerde manier kon handuit ruk. Hy was geen wonder-dokter nie. Hy was ook nie die nasionalistiese held om 'n aardse koninkryk op te rig nie. Hy lei hulle stap-vir-stap na die kruis. Deur dood en lyding moet die Messias die verlossing bring.

Vir hierdie oorbluffende waarheid van die evangelie - dat die Koning aan die kruis moes sterf - was die volk nog nie ryp nie. Weldra sou hierdie geheim in al sy glorie deurbreek en bekend word om aan die wêreld verkondig te word.

5.4 Samevatting

Markus beskryf die groot almagtige dade van die Koning wat gekom het. Hy skryf vir Romeinse christene en die Romeine was mense van die daad. Hulle het eerbied vir mense wat kragtig optree. Die heidense Romeine het selfs hulle keisers as gode vereer. \n die Markusevangelie word dit duidelik: Jesus is Koning! Hy het mag oor die duiwels, oor siekte, dood en natuurkragte. Hy word selfs deur een van die Romeinse offisiere "die Seun van God" genoem (Mark. 15:39). So leer ons deur Markus Jesus ken as die almagtige Koning.

Hoofstuk 6

Lukas: Jesus die barmhartige Priester

6.1 "Lukas, die dokter wat ek baie lief het. . ." (Kol. 4:14)

Lukas het twee boeke geskryf: die "evangelie" Lukas en die boek Handelinge. Tussen hom en Paulus was daar 'n baie nou band. In Kol. 4:14 staan dat hy hom baie lief het. Hy was ook die man wat die apostel Paulus tot op die laaste bygestaan het. Toe Paulus alreeds oud en afgeleef was en in die tronk, hoor ons hierdie aangrypende woorde: "Net Lukas is by my ..." (2 Tim. 4:11).

Hierdie mediese dokter, het 'n lang pad saam met Paulus geloop. Kyk maar wat daar staan in Hand. 16:6 e.v. Kort-kort lees ons van wat **"hulle"** gedoen het: **Hulle** het deur Galasië gereis . . . Die Heilige Gees het **hulle** verhinder . . . Toe **hulle** by die grens van Misië kom . . . ens.

Maar ewe skielik lees ons in vers 10: "Nadat Paulus die gesig gesien het, het **ONS** so gou as moontlik gereedgemaak . . ." Daarna volg telkens die "ons" waardeur ons weet dat Lukas 'n metgesel van Paulus was.

6.2 Met watter doel skryf Lukas sy boek?

Hierdie geskrif en die boek Handelinge word albei gerig aan die **"hooggeagte Teofilus".** Waarskynlik was hierdie Teofilus 'n baie hoë amptenaar in die Romeinse staatsdiens. (Terloops: Teofilus se naam beteken: vriend van God).

Nou is dit baie duidelik: In die boek Lukas tree Jesus Christus as die groot **Hoëpriester** na vore.

En waar die Priester beskryf word, kom ook die tempel op die voorgrond: Lukas begin met die tempel en sy boek eindig met die tempel. Hierdie lyn van die tempel kry ons deurgaans: Sagaria die priester by die **tempel** (Luk. 1:8 e.v.), Simeon tree op by die **tempel** (Luk. 2:27), Anna die profetes tree op by die **tempel** (Luk. 4:9), Jesus word op die dak van die **tempel** versoek (Luk. 4:9), Jesus reinig die **tempel** (Luk. 19:45 e.v.), Jesus se oordeel oor die **tempel** (Luk. 21:5 e.v.), ens. Waar Lukas begin met die werk van Israel se priester in die tempel, eindig die boek met die Priesterkoning wat na Sy Hemelvaart sy kerk (die dissipels) seën en daarna gaan hulle terug na die tempel om God te loof.

Hierdie tendens - die tempel as die sentrum - word in die boek Handelinge voortgesit. Ook die Pinksterofensief begin by die tempel (Hand. 2).

6.3 Die Priester as Barmhartige

Lukas se doel om Jesus Christus as die groot Hoëpriester te beskryf, word verder wonderlik ontvou as Hy as die Barmhartige na vore tree.

Lukas die geneesheer, ken die liggaamlike en maatskaplike ellende. Hy weet van die ontstellende nood van die armes. Hy ken die leed van vroue. Hy is bewus van die smart en verdriet van lydendes.

Maar nou - midde in die lydende wêreld a.g.v. die sonde - tree Jesus die Barmhartige na vore. Ons leer Jesus ken as die Verlosser wat red.

Sy ontferming oor die sondaar staan by al die gesondmakings op die voorgrond (Kyk bv. Luk. 7:36 e.v.).

Juis die boek Lukas (hoofstuk 15) vertel die drie gelykenisse oor die verlorenes wat gered word - die verlore skaap, die verlore penning, die verlore seun.

Jesus het gekom om sondaars te red!

Hyself sê in hoofstuk 5:32: "Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars".

Jesus se barmhartigheid word nog soveel duideliker in Lukas beklemtoon as ons agterkom dat dit die enigste plek in die vier evangelies is waar ons die gelykenis van die **Barmhartige Samaritaan** vind (10:25 e.v.).

Dit is ook Lukas waar ons die gelykenis van die **rykman en Lasarus** vind (16:19 e.v.).

6.4 Die plek van die gebed

Lukas skryf baie meer kere oor die gebed as die ander evangeliste. Hy vertel ook hoe dat Jesus telkens voor een of ander groot gebeurtenis Hom eers afgesonder het om te bid:

Hy bid voordat Hy Sy dissipels kies (Luk. 6:12).

Hy bid in Sesarea-Filippi vóór die belydenis van Petrus (9:18).

Op die berg van verheerliking bid Hy (9:28).

In Luk. 11:1 bid Hy "êrens op 'n plek" en daarna onderrig Jesus Sy dissipels om te bid.

Geen wonder nie: juis in Lukas vind ons twee pragtige gelykenisse oor die gebed (Luk. 18:1-14) . . . oor die weduwee en die Fariseër en die tollenaar.

6.5 Samevatting

In die boek Lukas sien ons Jesus as die groot Hoëpriester. Hy is die Verlosser van sondaars. Hy is die Redder van die wêreld. Dit doen Hy finaal aan die kruis.

Hoofstuk 7

Johannes: Jesus die Hoogste Profeet

7.1 Die dissipel vir wie Jesus baie lief was (Joh. 21:20)

Volgens die tradisie is die skrywer die dissipel Johannes. Sy naam word nêrens genoem nie, maar hy was die "dissipel vir wie Jesus baie lief was". Hy was ook 'n **ooggetuie** van Jesus se lewe op aarde (1:14). Hy was dus iemand wat in 'n besondere verhouding tot Jesus gestaan het.

Hy was ook 'n man wat besonder goed bekend was met die land Palestina (4:6, 11, 20, 35). Hy gee ook fyn besonderhede oor die tyd (1:39) en die afstand (6:19; 21:8).

Hierdie Johannes is volgens tradisie ook dieselfde persoon wat die laaste Bybelboek naamlik Openbaring geskryf het. Vergelyk bv. die gebruik van die naam "Lam van God" wat ons in beide boeke aantref.

7.2 Die doel van die Johannes-evangelie

In 20:31 is die doel presies beskrywe: ". . . sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in *Sy Naam* die *lewe* kan hê".

Met hierdie doel voor oë het Johannes nou sy stof gekies. Ons vind onder andere 'n aantal **belydenisse** oor Jesus as Messias en Seun van God:

Andreas (1:41),

Natanael (1:49),

Johannes die Doper (1:27 e.v.),

die Samaritaanse vrou en die Samaritane (4:25, 28, 42),

Petrus (6:69), die blindgeborene (9:38),

Martha (11:27),

Thomas (20:28).

Om die doel van Johannes nog verder uit te bou word baie sterk by die Ou Testament aangesluit. Trouens, die Johannes-evangelie is onbegryplik sonder die O.T. Jesus word genoem volgens Sy Joodse titel Messias (1:42) en Hy is die Koning van Israel (1:50). Jesus is die Christus van die Ou Testament (5:46).

In Hom word die profesie van Jesaja vervul (Jes. 53): "So moes die woorde van die profeet Jesaja vervul word . . . ens." (12:38). En kyk net wat sê Jesus self oor die Skrif (die O.T.!) wat moes vervul word, naamlik Ps. 41:10, "Hy wat van my brood eet, het My in die rug gesteek". Ook Ps. 69:22 word aan die kruis aangehaal as die Skrif wat vervul word (19:28).

7.3 Jesus die Profeet

Die profeet is die een wat preek. Hy is die een wat die Woord van God verkondig. Hy getuig van die waarheid.

En nou is dit baie duidelik: Johannes gee feitlik aan ons 'n bundel preke, redes, toesprake, dispute, ens. Dit maak die boek so uitsonderlik. Dikwels is dit ook twisgesprekke waarin die

ongelowige Jode weerlê word en daardeur groei die teenstand teen Jesus.

Na hoofstuk 12 kry ons gesprekke en toesprake wat meer gerig is tot die dissipels. Teen die einde, van hoofstuk 14 begin alreeds Jesus se afskeidswoorde en die voorbereiding op Sy dood, opstanding en *hemelvaart.*

Baie sterk word die dissipels as apostels (uitgestuurdes) geestelik bewapen.

Christus, die groot Advokaat van die waarheid sal die ander Advokaat (die Voorspraak volgens 16:7) in Sy plek stuur. Dit is die Heilige Gees: "Wanneer Hy kom, die Gees van die Waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lef (16:13).

7.4 Enkele verskille tussen die sinoptiese evangelies en Johannes

a. Die inleiding oor die Woord wat mens geword het toon 'n heeltemal ander opset. Die geboortegeskiedenis ens. by die ander evangelies word hier veronderstel.

b. By Johannes word Jesus se opgaan na Jerusalem nie net eenkeer beskryf nie, maar driemaal (2:13; 5:1; 11:55).

c. Johannes gee lang redevoerings van Jesus met 'n bepaalde tema (Hy is die Profeet!) soos bv. die wedergeboorte (Joh. 3), die water van die lewe (Joh. 4), die brood van die lewe (Joh. 7), ens.

d. Johannes is glad nie so breedvoerig met gelykenisse nie, maar gee eerder vergelykende spreuke - EK IS-uitsprake - soos bv. "Ek is die goeie Herder" (10:11), "Ek is die ware wingerdstok" (15:1), "Ek is die brood van die lewe" (6:48), "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (16:6), ens.

e. Gedeeltes wat nie in die sinoptiese evangelies voorkom nie: Bv. Die bruilof te Kana (Joh. 2), die Samaritaanse vrou (Joh. 4), die verlamde van Betesda (Joh. 5), die blindgeborene (Joh. 9), die opwekking van Lasarus (Joh. 11), ens.

f. Dikwels vind ons in die Johannes-evangelie radikale teenstellings, bv.: lig - duisternis, lewe - dood, waarheid - leuen, ens.

7.5 Samevatting

Johannes beskryf Jesus as ons Hoogste Profeet. Maar hy laat ons ook sien dat Jesus die Christus, die Messias is wat in die Ou Testa-ment voorspel is. Hy is die ewige Seun van God en ook die Lam van God (kyk die boek Openbaring).

In hierdie boek sien cns Jesus as die WOORD van God self. In Hom het God Homself geopenbaar (kyk na die heel eerste vers van die boek).

Hoofstuk 8

Die Gelykenisse

8.1 Wat is 'n gelykenis?

Dit was 'n tipiese manier onder die Oosterse volke om in gelykenisse te spreek. Ook die Ou Testament bevat baie gelykenisse en vergelykende gesegdes. Die Spreuke van die O.T. gee dikwels die diepste gedagtes in die kleed van 'n beeld van die natuur of die gewone daaglikse lewe.

Jesus doen dit ook. Te meer, Jesus ontwikkel beelde en vergelykings tot 'n geheel in 'n **gelykenis.** In die vorm van 'n verhaal of 'n voorval of 'n duidelike gebeurtenis in die gewone alledaagse lewe, word 'n **dieper waarheid, 'n belangrike boodskap** tuisgebring.

In 'n aardse (natuurlike) vertelling word 'n ewige (bonatuurlike) waarheid uitgebeeld.

Dit gaan om daardie EEN groot waarheid - nie oor al die klein ondergeskikte besonderhede nie.

Alle aandag moet op daardie een punt van vergelyking gevestig word.

Dit gaan om die **hoofsaak.**

Kom ons neem die voorbeeld van die gelykenis van die **barmhartige Samaritaan** (Luk. 10:25 e.v.).

Die hoofsaak van die hele verhaal is duidelik: dit gaan om Christus se barmhartigheid wat ons aan ons naaste moet bewys!

Dit gaan nie oor die samaritaan nie . . .

dit gaan nie oor die olie en wyn waarmee hy die gewonde dokter nie . . .

dit gaan nie oor die reis na Jerigo, of die herberg of die esels ens. nie.

Al hierdie bysake, is om dit so te noem, die kleed wat die een dieper waarheid omhul.

Nog 'n voorbeeld: In Openb. 3:3 sê Jesus Christus, "Ek sal onverwags kom soos 'n dief. . ." Dit is tog duidelik dat dit nie gaan oor die dief as dief nie, maar oor die **onverwags** . . . dat Jesus nie vooraf sal sê **wanneer** hy sal kom nie.

8.2 Die doel van die gelykenisse

Dit staan presies beskrywe in Mat. 13:10 e.v. Jesus vertel self die doel en Hy verbind dit met die Ou Testament met wat deur die profeet Jesaja geleer is:

Deur die gelykenis leer die gelowige "om die geheime van die koninkryk van die hemel te ken", maar die ongelowige ken dit nie.

Jesus sê: "Wie het (d.w.s. die wat glo), vir hom sal nog meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar wie nie het nie (d.w.s. die wat nie glo nie), van hom sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word" (Mat. 13:12).

"Om hierdie rede praat Ek met hulle in gelykenisse: omdat hulle kyk, maar nie sien nie, en hoor maar nie luister en verstaan nie", sê Jesus.

Hy vertel verder dat dit die vervulling van Jesaja is (Jes. 6:9-10).

Die strekking van die gelykenisse is duidelik: As jy glo sal jy diepier insig in die geheime van die hemelse Koninkryk kry - as jy nie glo nie, dan sal jy niks daarvan begryp nie.

Kennis van die evangelie beteken niks as dit nie met 'n gelowige hart aanvaar word nie. (Kyk ook Mark. 4:33-34).

8.3 Groepe gelykenisse

Daar is hoofsaaklik die volgende groepe:

a. **Gelykenisse oor die Koninkryk van God:** Hulle is hoofsaaklik ontleen aan die natuur, die landbou en die vissersbedryf. Ons vind hulle veral in die evangelies van Matteüs en Markus. In kort kan ons die volgende opsom:

i. **Die saaier** (Mat. 13, Mark. 4, Luk. 8)

Die saad van die Saaier (Christus) is goed - daarmee is niks verkeerd nie. Maar hoe lyk die wêreld waar die evangelie val? Dit gaan hier oor die gesteldheid, die bodem waar die Koninkryk moet groei.

ii. **Die saad wat vanself groei** (Mark. 4:26 e.v.)

Hier gaan dit om die woord (die evangelie) wat vanself, "outomaties" groei. Dit is nie die **prediker** wat dit laat groei nie. Ons moenie daaraan gaan peuter om resultate te soek nie. Ons moenie wonderbome verwag nie. God self doen Sy werk rustig en verseker.

iii. **Die onkruid tussen die koring** (Mat. 13 e.v.)

Agter die saaier sluip daar 'n slegte, bose saaier (die duiwel). Oral waar die evangelie gespreek word, doen die duiwel ook sy werk.

iv. **Die mosterdsaad** (Mat. 13:31-32)

Die Koninkryk van God begin klein, maar groei geweldig groot.

v. **Die suurdeeg** (Mark. 4, Mat. 13:13 e.v.)

Daar groei 'n onsigbare krag vanuit die verborge wat die Koninkryk laat groter word.

vi. **Die skat in die saailand** (Mat. 13:44)

Vir die Koninkryk moet alles opgeoffer word.

vii. **Die soektog na goeie pêrels** (Mat. 13:45)

Onder al die rykdomme, moet alleen die beste gevind word -die Koninkryk.

viii. **Die visnet** (Mat. 13:47-50)

Die skifting, die skeiding in die Koninkryk sal eenmaal op die jongste dag duidelik word. Dan eers word dit finaal.

b. **Gelykenisse oor die Koning en die onderdane** (van die Koninkryk)

Hierdie gelykenisse wat ons veral by Lukas vind (kyk bv. 14:7 e.v.) beskryf aan ons die Koning as die liefdevolle barmhartige gasheer wat die armes uitnooi na Sy onthaal. En nou moet die onderdane leer om Hom te dien en self ook barmhartigheid te bewys.

c. **Gelykenisse oor die komende oordeel** (O.a., Mat. 24:45 e.v.; 25:31 e.v.)

In Mat. 21:33 vind ons bv. dat die Seun gedood word deur die arbeiders in die wingerd, maar hierdie arbeiders sal geoordeel word.

d. **Gelykenisse oor verlorenheid en redding** (Luk. 15)

Die bekendstes hier is die gelykenis van die **verlore skaap** (of eintlik oor die **goeie herder,** (Luk. 15:1 e.v.), die gelykenis van die verlore muntstuk (of eintlik die **agtelosige vrou,** Luk. 15:8-10), die gelykenis van die **verlore seun** (of eintlik die **liefdevolle vader,** Luk. 15:11 e.v.). Hier moet ons weer eens kyk na die **hoofsaak.**

e. Gelykenisse oor die wederkoms van Christus

Ons vind hulle veral teen die einde van Matteüs, Markus en Lukas, bv. die twee diensknegte, die tien bruilofsmeisies, die talente ens. Hier gaan dit veral oor waaksaamheid - die opdrag om altyd gereed te wees om Christus te ontmoet.

Dit is om **aktief** te waak, nie om passief te wees nie. Toekomsverwagting is nie niksdoen nie. Jy moet tot op die laaste besig bly en elke oomblik paraat wees.

Daar sou ook nog meer groeperings oor die gelykenisse kon gemaak word. Christus het nie minder as 60 gelykenisse vertel nie, behalwe nog al die beelde wat hy gebruik het. Dit is duidelik dat dit 'n groot deel van Sy prediking uitmaak.

8.4 Wat is die diepste inhoud van al die gelykenisse?

Dit is Jesus Christus Self. Hy is die Weg en die Waarheid en die Lewe (Joh. 14). In die Koninkryk van die hemel, gaan dit ten eerste om die Koning.

In die gelykenisse gaan dit nie maar om algemene waarhede of oor sedelesse nie, maar om Jesus Christus wat ons moet leer ken as die Christus, die Messias van die Skrifte. Hy is ons ewige Verlosser en ons kan die Vader alleen ken deur Hom (Joh. 14:6).

DIE WÊRELD VAN DIE NUWE TESTAMENT

Hoof stuk 9

Jesus se Wonderwerke

Jesus Christus het nie alleen baie woorde gespreek nie, maar ook Sy dade beslaan 'n groot deel van die evangelie. Daaronder is bv. nie minder as ongeveer 40 wonderdade nie. In die Markus-evangelie is dit byna $^1/_3$ van die boek.

9.1 Wat is die eintlike betekenis?

Ons moet daarop let dat die oorspronklike Griekse taal nie praat van wonders nie, maar van **kragte** (in die sinoptiese evangelies) en **tekens** (in die Johannes-evangelie).

Die woord vir **krag,** is die Griekse woord **"dunamis".** Daarvandaan kom ons woord dinamiet of dinamo ('n instrument wat krag ontketen) of dinamies (= kragtig).

Christus, die almagtige, beskik oor kragte (oor bonatuurlike kragte).

Die woord **teken** beteken weer 'n heenwysing, 'n aanduiding van iets (wat baie belangrik is).

Die teken is om dit so te noem 'n verduideliking van die eintlike saak. Bv. 'n verkeerslig gee die boodskap wat moet gedoen word - as dit rooi is, vertel dit dat jy moet stop, ens.

En so is Jesus se "wonderdade" 'n prediking. Dit vertel van 'n dieper inhoud. Dit wys heen na die eintlike inhou.

Ons kan ook sê dat die wondertekens, die kragte, die tekens vir ons "gelykenisse in aksie is" (Prof. Tjaart van der Walt).

Dit is preke wat kom in die vorm van dade.

9.2 Vier boodskappe van wonders

i. Dit verkondig Christus as almagtige God:

In die wonders leer ons Jesus ken as die Heerser, die almagtige heerser oor siekte en dood, oor gebreke en blindheid, oor honger en armoede. Hy is die finale oorwinnaar oor duiwelse magte. Hy beskik oor die lewe. Hy heers oor die natuur.

Hierdie daadprediking oorstelp die skare: "So iets het ons nog nooit gesien nie! (Mark. 2:12).

Ook die dissipels is ontsettend verbaas: "Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?" (Mark. 4:31).

Hierdie wonderdade wat Jesus as die almagtige openbaar, laat die skare vra na Sy Messiasskap: "En die hele menigte mense was verslae en het gesê: "Is Hy nie miskien die Seun van Dawid nie?" (Mat. 12:23).

Die wonders dwing die mense om hulle rekenskap te gee oor Wie Jesus werklik is - die ewige Seun van God, die almagtige Verlosser.

ii. Die wonders verkondig Jesus as die Barmhartige:

Slegs een enkele wonder van Jesus is 'n oordeelswonder - die verdroging van die vyeboom (Mat. 21:20-22, Mark. 11:20,21), en selfs dit was 'n laaste roep tot bekering vir Sy volk.

Al die wonders bring uitkoms: uit 'n storm, blindheid, honger, siekte, dood, duiwelse magte, ens.

Christus verlos uit die nood. Hy is die Barmhartige.

iii. Dit verkondig verlossing uit sonde:

Die wonders staan nooit alleen op hulle self nie. Dit gee 'n boodskap. Jesus se wonders verkondig nie alleen Sy almag en barmhartigheid en liefde nie, maar ook die harde feit van die **sonde.**

Dwarsdeur die nood van mense dring Hy deur tot die aller-diepste nood, nl. die sonde. Al die ellende van die wêreld kom deur die sonde. Jesus genees bv. die verlamde man van Kapernaüm, maar hy voeg hom toe: "Vriend, jou sondes word vergewe!" (Mark, 2:5).

Vergelyk bv. ook hoedat die genesing van die blindegeborene in Joh. 9 so direk verbind is met die saak van sonde.

Per slot van rekening gaan dit in die wonders nie maar bloot om 'n tydelike verlossing hier op die aarde nie, maar om 'n ewige verlossing uit die sonde.

iv. Die wonders verkondig die Voleinding (die ewige volmaaktheid):

Die verlossing hier op aarde uit siekte en gebreke en pyn en droefheid en dood verkondig die ewige verlossing soos wat ons dit vind in die boek Openbaring: "Hy sal al die trane van hulle oë af-droog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het ver-bygegaan" (Openb. 21:4).

Jesus se wonderdade van verlossing hier is reeds die voortekens van die ewige heerlikheid in die Nuwe Jerusalem.

9.3 Die plek van die geloof

Dit is baie opvallend: In die Bybel word Jesus se wonders nooit van die mense se geloof geskei nie.

Hy maak nooit 'n sensasie van Sy wonders nie. Hy weier die skouspelagtige demonstrasies (bv. Mat. 16:1-4; Mark. 8:10-11). Jesus is nie 'n wonderdokter nie. Hy is nie 'n towenaar nie.

Slegs waar geloof is daar doen Hy Sy wonder. Hy toets selfs die mense se geloof (Mat. 15:21-28 waar Hy die Kanaänitiese vrou toets en Joh. 9 wat handel oor die blindgeborene). By die verlamde van Kapernaüm sien Jesus dadelik die manne se geloof raak (Mark. 2:5). Hy roep ook tot geloof (Mark. 5:36). Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het word vir haar geloof geprys (Mark. 5:34).

Waar nie geloof is nie, word die wonders beperk (Mat. 13:58, Mark. 6:5).

Dit is nie die wonder wat die geloof werk nie, maar die wonder veronderstel geloof.

Eers geloof en dan die wonder - nooit andersom nie!

Hoofstuk 10

Handelinge: Opmars vanuit Jerusalem tot in die uithoeke van die wêreld

Die hele opset van die boek Handelinge kan saamgevat word in Jesus se woorde pas voor Sy hemelvaart:

"Julle sa! krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot die uithoeke van die wêreld" (Hand. 1:8).

10.1 Naam van die boek

Lukas die mediese dokter wat sy "evangelie" geskryf het, het ook hierdie boek geskryf - aan dieselfde Teofilus (kyk hoofstuk 6, punte 6.1 en 6.2 hierbo).

Die naam **"Handelinge van die apostels"** is nie deur die skrywer Lukas self gegee nie, maar dateer uit die 2de eeu.

Hierdie naam dek egter nie die volle inhoud nie. As ons dit nagaan dan sien ons dat daar eintlik slegs twee van die apostels sterk na vore tree en dit is Petrus en Paulus. Johannes word enkele kere vermeld (3:1 e.v.; 4:13, 19; 8:14). Die ander apostels word slegs eenkeer genoem (1:13). Ander manne wat nie apostels was nie, tree sterker op die voorgrond, bv. Stefanus (hoofstukke 6 en 7), Filippus (hoofstuk 8), Barnabas (hoofstuk 4), ens.

Verder: Dit is nie in die eerste plek mense se handelinge nie, maar dit is die handelinge van Jesus Christus deur mense.

Reeds in die eerste vers van die boek sê Lukas dat sy eerste boek (die "evangelie") gegaan het oor wat "Jesus gedoen het van die begin af tot op die dag van sy Hemelvaart. In hierdie tweede boek gaan dit nou oor wat Jesus **verder** gaan doen:

Hy (Jesus) gee aan die dissipels die opdrag (1:8), Hy bepaal die keuse van die twaalfde dissipel (1:26), Hy gee die uitstorting van die Heilige Gees (2:33), Hy genees die kreupele (3:6, 12, 16) . . . ens.

So blyk dit dwarsdeur die boek Handelinge: Jesus Christus is konsekwent die handelende persoon.

10.2 Indeling van die boek Handelinge

Hoofstuk 1:8 is vir ons 'n sleutelteks: Die evangelie word uitgedra vanuit Jerusalem. Dan volg die eerste sirkel, Judea. Hierop volg die wyer terrein, Samaria. En dan verder die wydtes in . . . na die uithoeke van die wêreld! Dit word dan 'n program van prediking in **drie fases: Fase 1:** Die vestiging en uitbreiding van die kerk in Jerusalem. Hier word die eerste fondamente gelê (Hoofstukke 1 tot 5). **Fase 2:** Die uitbreiding van die kerk in **Judea** en **Samaria**

(Hoofstukke 6 tot 12). **Fase 3:** Die voortgang van die prediking oor die hele wêreld - tot in Rome, die sentrum van die destydse volkerewêreld (Hoofstukke 13 tot 28). In die eerste en tweede fases staan die arbeid van die apostel Petrus sterk op die voorgrond en in die laaste fase die apostel Paulus.

10.3 Harmonie van Lukas se twee boeke

Uit die slot van die boek Handelinge sien ons hoedat Lukas se "evangelie" en hierdie tweede boek pragtig aanmekaar sluit en 'n eenheid vorm. Volgens die "evangelie" van Lukas staan die magtige keiser van Rome aan die begin (Luk. 2:1). Deur sy bevel tot 'n wêreldsensus (telling en inskrywing) beskik God dit dat die Kind Jesus in Bethlehem gebore word volgens die profesieë van die O.T. Die boek Handelinge eindig met die feit dat hierdie selfde Kind ongeveer sestig jaar later Sy evangelie tot in die hart van die geweldige Romeinse ryk, nl. Rome gestuur het. Hy, die Christus is die Oorwin-naar oor die heidendom. Hy is die Koning van die konings!

10.4 Die twee grootste handelinge in die boek Handelinge

Hier dink ons ongetwyfeld aan Jesus se **Hemelvaart** en die **uitstorting van Sy Heilige Gees** (Pinkster).

Hier het ons twee van die ses groot verlossingsgebeurtenisse. Hierdie ses gebeurtenisse (of heilsfeite) oor Jesus Christus is die volgende:

Sy geboorte

Sy kruisiging

Sy opstanding uit die graf

Sy hemelvaart

Sy uitstorting van die Heilige Gees

Sy wederkoms (dit moet nog gebeur)

10.4.1 Christus se hemelvaart

In Hand. 1:3 lees ons dat Jesus na Sy opstanding nog veertig dae lank op aarde was en "by verskeie geleenthede" aan Sy dissipels verskyn het. Hy het hulle toe onderrig oor die koninkryk van God. Die evangeliste (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) en ook die apostel Paulus (1 Kor. 15) vertel van tien sulke verskynings. Daar kon ook meer gewees het.

Toe is Jesus **opgeneem** (1:9). Lukas gebruik 'n besondere woord-keuse: opgeneem. Dit lê alle nadruk op wat God met Sy Seun gedoen het. Daarmee word verklaar dat Jesus Sy taak op aarde volbring het.

Hy het die skuld van die sonde betaal.

Hy het die vloek oor die mensheid en aarde gedra.

Deur Sy dissipels het Hy nou Sy Nuwe Testamentiese kerk op

aarde gevestig.

Nou is die pad na die hemel vir God se kinders (gelowiges) oop.

Paulus skryf: "In Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee" (Ef. 2:9).

Hand. 1:11 lê die band tussen hemelvaart en **wederkoms:**

"Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het".

10.4.2 Uitstorting van die Heilige Gees (Pinkster)

Die naam Pinkster kom van 'n Griekse woord "Pentékosté" wat beteken 50ste. In die O.T. was Pinksterfees die oesfees vyftig dae na Paasfees.

As God die Heilige Gees dan op die Pinksterdag uitgestort het, is dit eintlik Christus se oesfees: soos wat die oes van die koringlande ingesamel word, word die oes (van gelowiges) in die Nuwe Testamentiese kerk ingebring.

In Hand. 2:1 lees ons dat die dag van die pinksterfees aangebreek het. In die oorspronklike Griekse taal staan dat dit **vol** geword het, of **vervul** is. So het die geluid soos 'n stormwind die vertrek **gevul.**

Laat ons dadelik 'n paar misverstande opruim: Hier staan nie dat almal met gees (klein letter g) vervul is nie, maar "almal is met die Heilige Gees vervul. . ." (vers 4).

Hier word van GOD die Heilige Gees gepraat.

Laat ons dit in perspektief stel:

Met Kersfees het God op die aarde kom woon in die **vlees.**

Met Pinkster het God op die aarde kom woon deur **Sy Gees.**

En wat die pinkstertekens betref: dit was nie 'n stormwind of vuurtonge self nie, maar 'n geluid **soos** 'n geweldige stormwind (vers 2) en "iets **soos** vuur wat in tonge verdeel" (vers 3).

Onmiddellik volg die apostel Petrus se preek: Hy neem sy teks uit die profesie van Joël uit die O.T. Wat op die Pinksterdag gebeur is 'n vervulling van die voorspelling in die O.T.: Gees en vuur!

Hier is die groot bewys dat die Messias reeds gekom het. Die gekruisde Jesus is die Messias. Ook Psalm 110 (oor die Priester-koning) is vervul. Jesus is as Priester en Koning aan die regterhand van die Vader.

En wat volg nou op die uitstorting van die Heilige Gees?

Die doodgewone kerklike lewe: doop, registrasie van die kerklede, viering van die nagmaal en versorging van die armes deur diakens.

Nie die ekstatiese, sensasionele uiting van innerlike emosies nie, maar die prediking van die Woord staan deurgaans in die sentrum!

10.5 Die betekenis van die boek Handelinge

Dit vorm 'n onmisbare skakel tussen die vier "evangelies" en die res van die Nuwe Testament.

Hier leer ons die wyse waarop die Heilige Gees aan die kerk gegee is. Hier sien ons hoedat die fondamente van die kerk op aarde in die geskiedenis gelê is. Hier sien ons die direkte handelinge van Jesus Christus Self deur Sy Heilige Gees in die kerk. En ons leer ook hoe dat daar 'n onlosmaaklike band tussen die werk van die Gees en die prediking van die Woord is. Hier sien ons midde in die kerkgeskiedenis dat Woord en Gees nooit van mekaar kan geskei word nie.

Ook die uitbreiding van die evangelie vanuit Jerusalem tot aan die uithoeke van die aarde (Jesus se opdrag in 1:8) is voor ons oë vervul.

Die boek Handelinge eindig met die prediking van die evangelie in die wêreldstad Rome "sonder enige verhindering" (28:31).

En vandaar af is die landkaarte verder oopgerol. Hoever is die prediking vandag al in Europa en Asië en Amerika en Afrika en die verste eilande?

Hoofstuk 11

Die brief aan die Romeine - God spreek sondaars vry uit genade

11.1 Die apostel Paulus se briewe

Die N.T. bevat 13 briewe wat deur die apostel Paulus geskryf is. Ons weet egter ook van nog ten minste drie ander briewe wat nie in die Bybel voorkom nie:

In 1 Kor. 5:9 praat hy van 'n "vorige brief wat hy geskryf het. In 2 Kor. 2:4 word verwys na die sogenaamde "tranebrief wat duidelik nie van toepassing op die eerste Korintiërsbrief is nie. In Kol. 4:16 word melding gemaak van 'n brief aan die Laodisense. Die volgorde van die briewe van Paulus word nie bepaal volgens hulle ouderdom nie, maar volgens hulle lengte.

11.2 Waarom skryf Paulus 'n brief aan die Romeine?

Rome - die hoofstad van die geweldige Romeinse Ryk!

Rome - die sentrum van die destydse wêreld rondom die hele Middellandse see.

Van daardie plek af, vanuit die hoofsetel met sy kapitool waar die keiser met sy senaat die magtige heerser was, moes volke en lande hulle bevele ontvang. Keiser Augustus gee voor die geboorte van Christus die bevel dat daar 'n sensus vir die hele wêreld moet wees (Luk. 2:1).

As Paulus se werk in die oostelike lande voltooi is, staan sy kop nou weste toe - na Rome!

In 15:19 lees ons hoedat Paulus se werk van Jerusalem in die ooste tot by Illirikum tot 'n afsluiting gekom het. D.w.s. van Palestina tot by die moderne Albanië.

Rome was dus vir Paulus die nuwe oop deur na die wêreld - na die uithoeke van die aarde (Hand. 1:9).

Maar daar was nog 'n rede waarom Paulus aan die Romeine skryf:

Hy wil na Spanje gaan (15:24). Rome word dan vir hom 'n soort "springplank" na hierdie ver uithoek.

Voordat Paulus hierdie brief geskryf het, was hy nog nie in Rome nie. Indien hy nie daarin sou slaag om daar uit te kom nie, skryf hy nogtans so breedvoerig dat hulle - die Romeine - wat nie sy preke persoonlik gehoor het nie, 'n omvattende verklaring van die evangelie kan kry.

11.3 Inhoud van die brief aan die Romeine

Die kern van die boek se inhoud vind ons in hoofstuk 1:16 en 17. Ons haal dit aan uit die eerste Afrikaanse vertaling omdat dit nader aan die oorspronklike Grieks is:

"Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag-van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.

Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe".

Die groot vraag is nou: wat word bedoel met God se geregtigheid? Dit was ook die krisisvraag vir die Hervormer Maartin Luther.

Hier word gepraat van **God** se **geregtigheid.**

Dit is 'n sleutelterm in die Bybel.

Vir God se vyande is Sy geregtigheid Sy straf.

Vir God se volk is Sy geregtigheid Sy genade.

In die O.T. is God se genade 'n uiting van Sy geregtigheid (kyk Ps. 51:16, Ps. 143:1, Miga 7:9, Jes. 1:18).

In die N.T. beteken God se geregtigheid vir die gelowige Sy vryspraak van sonde en skuld in Christus.

'n Regverdige volgens die Bybel = iemand wat nie langer in skuld is by God nie. Christus het as borg vir hom betaal (kyk 2 Kor. 5:21).

Die uitspraak "die regverdige sal uit die geloof lewe" is 'n aanhaling uit die O.T. uit Hab. 2:4. Ook die geregtigheid in die O.T. kan alleen uit genade ontvang word. Dit kan nie verdien word nie, maar is die gawe van die God van die Verbond. Hy is die Vader van Jesus Christus wat in die N.T. sigbaar verskyn het en die sonde op Hom geneem het.

Alleen deur in Hom te glo, kan jy 'n regverdige wees.

Aan die ander kant: God se toorn word openbaar in die mens se ongeregtigheid. In 1:18 lees ons:

"God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mens wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk".

Die laaste gedeelte van Rom. 1 leer aan ons 'n onsettende ding:

As die mens hom nie wil bekeer nie, gee God hom aan die sonde oor. Dit is dan alreeds God se straf!

11.4 Kort indeling van die inhoud

i. 1 - 3:20	God se geregtigheid word openbaar deur Sy genade in Jesus Christus. Sy toorn word openbaar in die mens se ongeregtigheid. Hierdie waarheid geld vir alle mense, heidene sowel as Jode.
ii. 3:20 - 5:21	God se toornende geregtigheid word geopenbaar in Christus se kruis, maar is dan juis Sy reddende geregtigheid vir elkeen wat glo, omdat die oordeel oor Christus die mens se straf wegneem. iii. 6:11 - 8:39 Deur hierdie reddende geregtigheid gaan die gelowige uit dankbaarheid 'n nuwe lewe voer. Dit is die nuwe (wedergebore) lewe in Christus.
iv. 9-11	God se reddende geregtigheid i.v.m. die volk Israel.
v. 12-15:13	God se reddende geregtigheid in die praktyk en die vrug daarvan.
vi. - 16	Die apostel Paulus se roeping en planne asook groetes en lofprysing.

Hoofstuk 12

Die twee Korintiërsbriewe

12.1 Die stad Korinte

Paulus skryf sy briewe aan die christelike gemeente in Korinte - daar-die groot bekende handelstad tussen die Ooste en Weste wat geleë was op die smal landengte wat Suid- en Midde-Griekeland met mekaar verbind. In die dae van Paulus was Korinte 'n groot wêreldstad met ongeveer 300 000 inwoners. As 'n belangrike knoop-punt van die wêreld se handelsverkeer het dit daar gewemel van matrose uit baie lande, dokwerkers, slawe, handelsagente, nyweraars, Romeinse soldate en duisende toeriste.

Maar hier was ook 'n stad waarin die heidense godsdiens en kultuur uit die antieke Grieks-Romeinse wêreld opgebloei het tot 'n ongekende hoogte. Groot en imposant was die afgodstempels met hulle reuse **afgodsbeelde.** Paulus moes hulle gesien het:

Poseidon, die god van die see wat ook terselfdertyd die beskerm-god van die beroemde Isthmus-spele, soortgelyk aan die Olimpiese spele wat van tyd tot tyd duisendes van oor die destydse wêreld getrek het. Hieraan ontleen die apostel sy beeldspraak van die atletiek-baan en die bokskryt as hy die deursetting van die christelike geloof wil beskryf:

"Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die

vuis soos een wat nie in die lug slaan nie" (1 Kor. 9:26).

Dan was daar in Korinte ook die tempel van Asklepius, die god van die geneeskunde en Paulus moes ook die beeld van die Egiptiese godin **Isis** raakgesien het - en so was daar honderde beelde en tempels en altare waarin die kosmopolitiese bevolking hulle heidense godsdiens kon uitleef.

Maar die ergste van alles . . . hoog bokant die stad Korinte, op die Akrokorintos, die heuwel vanwaar 'n mens oor die stad kon sien, was die tempel van die godin **Aphrodite,** of beter bekend **Venus,** die godin van die liefde.

By hierdie tempel is 1 000 slavinne as prostitute aangehou waar die seksuele lewe en ontug as 'n godsdienstige kultus beoefen is.

En hierdie seksuele uitlewing, hierdie ontug, of hoerery soos wat die Skrif dit noem, het onder die inwoners van Korinte so geweldig posgevat dat daar naderhand in die Griekse taal 'n woord ontstaan het wat van die naam "Korinte" afgelei is en die grofste sedeloosheid tipeer, **"korinthiazomai"** dit is soos wat die mense in Korinte leef -hulle daaglikse lewe word beheers deur seks en ontug.

En nou moet ons onthou dat Paulus byna twee jaar lank onder sulke mense die Evangelie moes verkondig. Oor hulle strate moes hy stap, voor hulle tempels en afgode verby - en hy moes vaskyk teen mense wat toustaan voor bordele.

Dáár, het hy gesien hoedat die vroulike liggaam 'n handelsartikel geword het en hoedat die huisvrou 'n slavin in haar huwelik geword het. Dáár het Paulus die manne hoor vloek by hulle afgode en hy het hulle hebsug en gemene dade gesien. Dáár op die markpleine van Korinte het hy gesien hoedat slawe huid en haar verkoop word sonder dat hulle hul lewe lank 'n sent vir hulleself kon verdien. En hy het opgemerk hoedat hulle geestelik verdoof geraak het deur die narkose van die sinlike hartstogte sodat hulle God nie meer raakgesien het nie, die lewende God van Jesus Christus wat die opstanding uit die dood gegee het. 'n Donker

stad. Driehonderdduisend mense wat 'n ewige nag tegemoetgaan op die golwe van 'n losbandige lewe . . . sonder hoop vir die toekoms en wat elke dag maar net uit die lewe haal wat daar te haal is - lekker leef, lekker eet, lekker geld verdien, die seksuele lewe lekker geniet!

Teen die agtergrond van so 'n goddelose wêreld moet ons Paulus se briewe aan die Kerk van Korinte lees.

12.2 Die eerste Korintiërsbrief

12.2.1 Ontstaan van die brief

Hierdie brief skryf Paulus vanuit die stad Efese in Klein Asië (vandag Turkye) waar hy tot Pinkster sou bly (16:8). Dit was gedurende sy 3de sendingreis aan die end van sy verblyf van drie jaar in Efese. Hier-na wil Paulus 'n reis deur Masedonië maak (16'.5 e.v., Hand. 19:1 e.v.). Dit was ongeveer in die jaar 55.

Intussen het Timoteus en Erastus reeds vooruitgegaan na Masedonië (Hand. 19:21 e.v.).

12.2.2 Kort oorsig oor die inhoud

Die gemeente van Korinte het sekere vrae aan Paulus gestel. Dit gaan oor ingrypende probleme vir die kerk. Na aanleiding hiervan word die volgende sake behandel:

i. Die ware inhoud van die evangelie is Christus (hoofstuk 1)

"Die Jode vra wondertekens en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is" (1:22).

"Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde"(2:2).

ii. Die suiwer metode van die prediking

Paulus bring sy boodskap "nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie . . ." (2:4). Wat hy hier bedoel is dat hy nie soos die heidense Griekse filosowe, soos daar in die ou vertaling staan "in oorredende woorde van menslike wysheid" die mense getrek het nie. Hy het nie deur redenasies nog gesoek na die waarheid nie, maar het eenvoudig uitgegaan van die waarheid. Die evangelie self was sy vertrekpunt. Hy het dit **geproklameer** en die Heilige Gees het dit kragtig gewerk. Nie menslike kunsgrepe nie, maar goddelike krag!

iii. Die kwessie van verdeeldheid (groepvorming) in die gemeente

"As een van julle sê: 'Ek is vir Paulus' en 'n ander: 'Ek is vir Apollos', is julle dan nie nog wêrelds nie?" (3:4). Mense word gevolg en dit is verkeerd. iv. **Ontug en onsedelikheid** Die gruwelike sonde van onsedelikheid word in hoofstukke 5 en 6 aan die kaak gestel. v. **Regsgedinge en hofsake** (hoofstuk 6) Waarom los gelowiges nie ondermekaar hulle probleme op nie, maar gaan na heidense regters?

vi. Huweliksvrae (hoofstuk 7)

vii. Afgodsoffers en etes saam met heidene (hoofstuk 8)

viii. Die plek en versorging van die prediker in die gemeente (hoofstuk 9)

ix. Verkeerde gedrag by die Nagmaal (hoofstukke 10 en 11)

x. Buitengewone gawes van die Gees (hoofstukke 12 tot 14)

xi. Die liggaamlike opstanding (hoofstuk 15)

xii. Die kollekte vir Jerusalem, reisplanne en groetes (hoofstuk 16)

12.3 Die tweede Korintiërsbrief

12.3.1 Ontstaan van die brief

Waarskynlik was dit in die jaar 56, nie lank na die eerste brief nie. Vermoedelik was Paulus toe in Masedonië (kyk Hand. 20:1 en 2). Dit blyk uit 2 Kor. 13:1 dat hy op die punt gestaan het om vir die derde maal na Korinte te vertrek. Tussen die eerste besoek (Hand. 18) en hierdie derde besoek (Hand. 20:2) was daar waarskynlik ook nog 'n tussenbesoek (2 Kor. 1:16).

12.3.2 Die inhoud

i. Paulus voel innig dankbaar oor die triomf van die evangelie en dat die Korintiërs dit begin besef. Hierin het die predikers van die nuwe verbond 'n besondere plek. Hulle bekwaamheid is nie uit hulleself nie maar uit God (3:5).

ii. Hy verdedig sy amp as apostel wat onder verdenking gekom het. Sy prediking het blykbaar maar 'n swak indruk op die Korintiërs gemaak en hy help hulle reg: "Ons wat hierdie skat (= die evangelie) in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie (4:7) (hoofstukke 4 en 5).

Iii Die "super-apostels", die predikers "wat trots is op die uiterlike" (5:12) die "danige apostels" (11:5), die "gladde sprekers" (11:6) was waarskynlik valse Joodse (Judaïstiese) predikers wat op die voetspoor van Paulus gekom het en dinge weer omgekrap het.

Waar Paulus sonder vergoeding die evangelie verkondig het (11:7), het hierdie predikers blykbaar op die gemeente geteer. "Sulke mense is valse apostels; hulle gaan oneerlik te werk deur voor te gee dat hulle apostels van Christus is" (11:13). Ja, Satan self doen hom voor as 'n engel van die lig! (11:14).

Opmerking: Daar is geen ander gemeente in die Nuwe Testament waaroor ons so baie kennis het as die kerk van Korinte nie.

Hoofstuk 13

Galasiërs - Alles genade!

13.1 Wie was die Galasiërs

Oorspronklik was hulle Kelte (die Keltiese volk waarvan ook die Skotte, Iere en Walliesers afstam) wat as huurtroepe Klein-Asië binne gekom het (± 2 eeue v.C). Hulle het hulle in 'n gebied naby Ancyra (vandag Turkse hoofstad Ankara) gevestig.

Dan was daar ook 'n Romeinse provinsie met die naam Galasië in die suide van Klein Asië. Hier het die stede Listra, Derbe en Ikonium gelê - die stede van Paulus se eerste sendingreis. Die inwoners van hierdie geweste was dus ook Galasiërs.

Die mees waarskynlike opvatting is dat Paulus sy brief aan hierdie suidelike Galasiërs geskryf het - christene uit die heidendom, maar ook Joodse christene omdat daar nogal (bv. hoofstuk 4) indringend ingegaan word op die O.T.

13.2 Aanleiding vir die brief

Die kerke in Galasië was baie ernstig bedreig deur dwaalleer.

Judaïste het van Jerusalem af (van Jakobus af - 2:12) op die toneel verskyn en Paulus se prediking verdag gemaak. Hulle wou die christendom verjoods. Onderhouding van die Joodse wette en seremonies is gepreek as 'n noodsaaklike verpligting. Jy kan alleen 'n ware christen wees as jy in Israel ingeplant is, het hierdie valse predikers geleer.

En die uiterlike teken en waarborg was die besnydenis. Daardeur gee jy 'n mooi vertoning en spring vervolging vry (6:12).

Ook was daar nog ander werke van die wet noodsaaklik vir 'n christen soos bv. onderhouding van bepaalde feesdae, bepaalde maande en jare, "daardie minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls" (4:9, 10). Ook bepaalde spyswette moes onderhou word (2:12, 14).

13.3 Die inhoud van die brief

Die tema van die Galasiërsbrief is: Die sondaar kan enkel en alleen deur genade verlos word - genade deur die kruis van Jesus Christus.

Die Galasiërs wil 'n soort van "Plus-godsdiens" huldig:

die kruis + die besnydenis,

die kruis + die Joodse spyswette,

die kruis + die Joodse gebruike, die kruis + die Joodse feesdae, ens.

Daarteenoor stel Paulus die GENADE ALLEEN! Die oomblik as daar getorring word aan hierdie genade, en ander voorvereistes daar-voor gestel word, dan sak die mens weer terug na die heidendom (4:8-10) en word hy 'n slaaf. Alleen die volle genade (sonder reserwes) maak die sondaar vry: "Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat in-dwing nie" (5:1). Die inhoud van die Galasiërsbrief kan ons dan soos volg verdeel:

i. Die Apologetiese (verdedigende) deel. Hier verdedig Paulus sy apostelskap (1:6 - 2:21).

ii. 'n Leerstellige ("dogmatiese") deel: Is die geregtigheid uit die wet en die werke of alleen deur die evangelie van Jesus Christus -alleen deur Sy genade (3:1 - 5:12)?

iii. 'n Praktiese gedeelte oor die werke van die vlees en die **vrugte** van die Gees en oor vryheid en liefde (5:13 - 6:18).

Hoofstuk 14

Briewe uit die tronk

14.1 Die sogenaamde "Gevangenskapsbriewe"

Dit is die briewe wat volgens die mees algemene opvatting deur die apostel Paulus tydens sy eerste gevangenskap te Rome geskryf is. Dit is die briewe aan Efese, Kolosse en Filemon asook die brief aan die Filippense wat later uit die gevangenis van Efese geskryf is.

Vroeër is deur baie teoloë aangeneem dat hierdie briewe vanuit die gevangenis van Sesarea geskryf is.

Die tweede brief aan Timoteus is vanuit die tronk in Rome (2de gevangenskap) geskryf, maar ons groepeer dit later saam met die pastorale briewe.

14.2 Die brief aan die Efesiërs

In die tyd van Paulus was Efese 'n baie groot stad - ongeveer 300 000 inwoners. Onoffisieël was dit die hoofstad van Klein Asië. Saam met Jerusalem en Athene is Efese beskou as een van die drie "heiligste" stede van die Oudheid. Dit was 'n belangrike hawestad en het die gees van die Griekse internasionalisme geadem. Daarby was die stad beroemd vir die groot tempel van Diana (Artemis) (Hand. 19:35). . . vroeër een van die sewe wonders van die wêreld. Inhoud van die brief:

i. **Lofsang op die verkiesende genade van die Drie-enige God**

   In die oorspronklike Grieks vind ons hier die **langste sin** in die Bybel (1:3 tot 14). Ons hoor 'n loflied aan die Vader (1:3 e.v.) die Seun (1:4 e.v.) en die Heilige Gees (1:14).

   Dit is nie die uitverkiesing op sigself wat geroem word nie, maar die **God** van die uitverkiesing! "So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies . . ." (vers 4).

ii. **Christus is die Hoof van die kerk en alle magte is aan Hom onderwerp** (1:15 e.v.)

   "Aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul" (1:22, 23).

iii. **Die eenheid van die gemeente, ook van Jood en heiden, die ampte** (hoofstuk 4)

iv. **Oor die huwelik en huisgesin** (hoofstukke 5 en 6).

v. **Die geestelike wapenrusting van die gelowige** (hoofstuk 6).

14.3 Die brief aan die Filippense

Filippi, was die stad waar Paulus vir die eerste keer die evangelie in Europa verkondig het (Hand. 16). Dit was 'n Romeinse kolonie waar die owerheid 'n sterk weermag gevestig het. Die burgers wat ook uit baie oudgediendes bestaan het, was alhoewel dit 'n stad in Masedonië was, Romeine. Inhoud van die Filippensebrief

i. Paulus se dankbaarheid en blydskap oor die gemeente se geloof (hoofstuk 1).

ii. Sy hele lewe, in lewe en in sterwe, selfs onder die moeilikste omstandighede is geborg in Jesus Christus (1:12 e.v.).

iii. Oproep tot eensgesindheid en nederigheid (1:27 - 2:4).

iv. Die hele lewe word gerig op Jesus Christus. Wees ligdraers van die Woord van die lewe! (2:5 e.v.).

v. Die opdrag en sending van Timoteus en Epafroditos (2:19 e.v.).

vi. Waarskuwing teen dwaalleraars (hoofstuk 3). "Pas op vir daardie dwaalleraars; pas op vir daardie mense wat kwaad stig; pas op vir daardie betekenislose besnydenis!" (3:2)

Waarskynlik word die Judaïste bedoel - daardie mense wat die christene uit die heidene wou verjoods (vergelyk die brief aan die Galasiërs).

vii. Die volmaaktheid vir die christen lê vorentoe. Soos 'n atleet moet ons alles uithaal om by die wenstreep te kom:

"Ek span my in om by die wenstreep te kom sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus" (3:13).

Totius het dit in 'n gedig gesê: "Die wêreld is ons woning nie".

In 3:20 staan: "Ons is burgers van die hemel. . ." (Dit sê Paulus vir die Filippense wat trots was op hulle Romeinse burgerskap). viii. Oproep tot eensgesindheid, blydskap in die Here en 'n korrekte lewenswandel (hoofstuk 4). Ook dank vir gawes en groete.

14.4 Die brief aan die Kolossense

Kolosse was in die eerste eeu 'n bloeiende stad in Klein Asië naby die stede Laodisea en Hierapolis (± 30 km.). Self het Paulus nie daar gearbei nie en waarskynlik het Epafras die gemeentes in daardie area gestig (kyk 4:12 e.v.).

Inhoud van die brief:

Aanleiding tot Paulus se brief was die dwaalleer wat in daardie geweste gepreek is. Vermoedelik was dit die Gnostieke wat 'n absolute skeiding tussen God en die stoflike wêreld verkondig het. Die stoflike, die liggaamlike is alles "aards", sondig, sleg. Die mens moet hom dus afsonder van hierdie bose wêreld en in sy godsdiens terugkeer tot die geestelike, die sondelose.

Nou waarsku Paulus in 2:8 teen hierdie verkeerde filosofie: "Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie" (ou Afr. vertaling).

Daar word ook gewaarsku teen allerhande visioene en aanbidding van engele (2:18).

Ook die wettiese godsdiens deur spyswette en jaarlikse feeste of die nuwemaanfees of die sabbat word afgewys (2:16).

Onder die Kolossense was die dwaalleer blykbaar 'n mengsel van Grieksheidense en Joodse standpunte met 'n christelike vernis.

Teen hierdie dwalinge stel Paulus positief:

Die volheid van God (Grieks: pleroma) lê nie in allerhande bonatuurlike magte nie, maar in Christus in wie die volheid van God liggaamlik woon (1:19).

Christus het die magte onttroon en ontwapen (2:15) aan die kruis.

Christus minag nie die stoflike en liggaamlike dinge nie (1:16 e.v.).

In Christus is al die skatte van wysheid en kennis (2:3).

In kort: In die Kolossensebrief staan die verhouding tussen christen-dom en die Griekse

filosofie op die voorgrond. Alle nadruk lê dus op Christus en daar is geen kompromie tussen die evangelie en die heidense filosofie nie.

Ons sien Christus in Sy kosmiese betekenis.

In die brief aan die Efesiërs lê die nadruk weer op Christus as Hoof van die gemeente.

14.5 Die brief aan Filemon

Dit is die kortste brief van Paulus en is ook vanuit die gevangenis geskryf.

Filemon was blykbaar 'n welgestelde landheer in die omgewing van Kolosse. Daar was 'n huisgemeente waaronder sekerlik ook die slawe.

Een van hierdie slawe was Onesimus wat vir Paulus opgesoek het, blykbaar omdat Hy Paulus se hulp nodig gehad het.

Nou stuur Paulus hierdie slaaf na sy heer terug en pleit op grond van die liefde (vers 8) om hom in liefde terug te ontvang.

Hier sien ons wat gebeur as die lig van die evangelie val of selfs die moeilikste sosiale verhoudinge tussen mense, tussen werkgewer en werknemer, tussen ryke en arme.

Dit is nie rewolusionêr met die doel om die bestaande orde omver te werp en alles te verwoes om dan daarna 'n nuwe struktuur te skep nie (Marxisme).

Ons leer inteendeel die evangelie as die vernuwende krag in die lewe van mense ken. Dit genees wonde, dit herstel gebroke verhoudinge - dit vernietig nie! Dit herskep!

Hoofstuk 15

Die twee briewe aan die Tessalonisense

15.1 Die stad Tessalonika en die gemeente

Die twee briewe aan die Tessalonisense is waarskynlik van Paulus se oudste geskrifte. Dit lyk of hy dit kort na die jaar 52 n.C. vanuit Korinte geskryf het.

Die stad Tessalonika was natuurlik in daardie tyd 'n baie groot en belangrike hawestad en ook die hoofstad van die provinsie Masedonië. Dit was 'n kruispunt van die wêreldverkeer en die groot Romeinse internasionale pad vanaf die Ooste, die sogenaamde Via Egnatia, het deur hierdie stad geloop. Die plek het dan ook gewemel van mense uit verskillende nasies soos Masedoniërs, Grieke, Romeine en ook baie Jode. Die strate het krioel van handelaars, matrose, dokwerkers en selfs baie toeriste. Geen wonder nie dat Tessalonika vir Paulus en sy helpers 'n strategiese plek vir die prediking van die Evangelie in Europa en verder was. Dit was 'n belangrike basis vir die sendingoffensief. Dit was byna soos 'n radio-uitsaaistasie, want in vers 8 skryf Paulus: "Van julle uit het die woord van die Here weerklink nie alleen in Masedonië en Agaje (d.i. Griekeland) nie, maar ook op elke plek het julle geloof in God uitgegaan." Tessalonika was vir die prediking soos 'n klankversterker wat die Woord ver oor die destydse wêreld laat weergalm het.

Volgens Handelinge 17 is Paulus se prediking egter in daardie stad op 'n dramatiese manier beëindig. Nadat hy vir drie Sabatte in die Joodse sinagoge die Skrifte uitgelê en aangetoon het dat Jesus die Christus is, moes hy en Silas na 'n betoging van die slegte mense en leeglopers onder leiding van die ongelowige Jode, inderhaas in die nag vlug na die volgende dorp, naamlik Berea.

Na groot kommer oor wat toe verder met die gemeente gebeur het en nadat Timoteus vir Paulus berigte gebring het (hoofstuk 3:6), skryf hy nou hierdie eerste brief en kort daarna die tweede.

Dit is baie opvallend dat juis hierdie eerste briewe van die apostel Paulus 'n baie groot klem op die wederkoms van Jesus Christus laat val - baie meer as in enige van sy ander briewe. Trouens, elke hoofstuk van die eerste brief eindig met 'n uitspraak oor Christus se *wederkoms.*

Daar het ook baie misverstande onder die gemeente geheers oor die dood en die opstanding.

Paulus gaan nou die régte antwoorde gee.

15.2 Die eerste brief aan die Tessalonisense

i. Die kardinale plek van die wederkoms van Christus

Soos by 'n pragtige musiekkomposisie wat in harmonie die tema telkens herhaal, so kom die refrein van Christus se wederkoms elke keer aan die einde van 'n hoofstuk na vore. Eintlik staan daar in die oorspronklike Grieks nie "wederkoms" nie, maar bloot net "koms". Die woord is "paroesie". Dit is dieselfde woord wat die Grieke gebruik het om die aankoms van 'n hooggeplaaste persoon by 'n stad te beskryf. Vir hierdie aankoms van die Koning Jesus Christus moet die gemeente gereed wees. Dit moet hulle hele lewe beheers.

ii. Die opstanding i.v.m. Christus se wederkoms

In die kerk van Tessalonika het daar onsekerheid en verwarring ontstaan oor die opstanding van die gelowiges. Die gedagte het selfs posgevat dat hulle nie sou sterf voordat Christus kom nie. Maar toe enkeles onder hulle sterf, was dit 'n ontstellende ontnugtering:

In die plek van die gierlike bruilofskleed, moes die doodskleed aangetrek word ...

In die plek van die hemelse trompette, het die doodsklok gelui. . .

In die plek van di0 feestelike skare, het die begrafnisstoet gekom . . .

In plaas van 'n feeskleed, moes hulle 'n roukleed dra . . .

Dit was dus 'n groot ontsteltenis!

Maar Paulus waarsku: "Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie . . ." (4:13).

Op daardie laaste dag sal daar sekerlik diegene wees wat nog nie gesterf het nie. Maar "allereers sal die wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees". (4:16, 17).

Die kerk sal dus nie in die lug bly swewe nie, maar hy gaan sy Koning tegemoet!

Om altyd by die Here te wees . . .dit is ons toekomsverwagting!

Om altyd by die Here te wees . . .dit is die saligheid!

Dit gaan nie ten eerste daaroor of ons weer ons familie sal sien of dat ons in die hemelkoor sal sing of op die goue strate van die Nuwe Jerusalem sal loop nie . . . maar oor die feit dat ons by die Here sal wees!

Dit alles roep om 'n toegewyde, daadwerklike christelike lewe. (hoofstuk 5)

15.3 Die tweede brief aan die Tessalonisense

Dit is baie duidelik dat die kerk van Tessalonika aan wie Paulus twee van sy briewe geskryf het, baie oorspanne was oor die *wederkoms van Christus.*

Die lidmate het die leerstuk van die wederkoms so oorbeklemtoon dat hulle vir hulleself hier op aarde in hulle dagtaak geen roeping meer gesien het nie. Oor die jongste dag het hulle hul balans verloor. Paulus gaan so ver om te waarsku dat hulle nie hulle verstand moet verloor en paniekbevange moet raak nie (2:2). Hulle moenie so oorspanne en emosioneel opgewonde raak nie, "asof die dag van Christus al daar is"!

Dit word 'n dringende waarskuwing aan die dweepsiekes: asseblief mense, bly tog kalm. Julle verbeel julle dat die jongste dag reeds aangebreek het, maar dit is nie so nie. Moet tog nie so te kere gaan nie, so op hol raak nie! En dan is Paulus nogal bekommerd dat die hele abnormale opgewondenheid veroorsaak is deur iets wat hy aan hulle gesê het: 'n "gees", dit wil sê 'n profesie wat hy verkondig het, of 'n "woord", 'n preek van hom wat hulle verkeerd verstaan het, of 'n "brief wat hulle miskien nie goed gelees het nie.

In elk geval, Paulus moet die gemeente van Tessalonika drasties reghelp. Dit is waar, Christus kom met haas en hy kom onverwags -dit leer die Skrif baie duidelik. Maar dat die dag van die wederkoms alreeds vandag daar is (letterlik volgens die Grieks: aangebreek het),

is nie waar nie! Daar moet nog eers twee ander geweldige dinge hier op aarde plaasvind:

Die *afval* kom! (2:3)

Die *antichris* moet verskyn! (2:3)

i. **Die afvalligheid** (2:3)

Hierdie *afval* waarvan die Skrif praat is veelseggend. Dit beteken letterlik om *weg te staan,* om jou te *verwyder* van 'n persoon of plek of ding. Hier beteken dit om weg te staan van God en Sy Evangelie. Die afval in die wêreld word dan 'n duidelike presiese teken van die laaste dae. Hier het ons nie te doen met die heiden wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie, maar dit is juis die gelowiges wat afval. Jesus spreek daarvan en Paulus skryf aan Timoteus:

"Die gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig *sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang."* (1 Tim. 4:1).

ii. **Die koms van die Antichris**

. . . Tydens hierdie verskriklike afval *het die antichris nog nie* sigbaar verskyn nie.

Hy is wel daar! Johannes sê in sy eerste brief dat hy in hierdie "laaste uur" (d.w.s. in die laaste bedeling) reeds daar is en dat daar baie antichriste is (1 Joh. 2:18).

Maar *die* Antichris, hierdie "seun van die verderf", "die mens van sonde" - daardie werklike spesifieke MENS, by het nog nie "sy verskyning gemaak nie" (2:3). Ons kan hom vandag nog nie werklik in lewende lywe sien nie!

Hy werk nog ondergronds. In werklikheid is hy nog nie in staat om uit sy skuilpiek uit te kom nie.

En daarvoor is daar 'n rede: Hier staan in vers 6 dat hy *teëgehou word.* En Paulus sê aan die gemeente *van* Tessalonika dat hulle dit goed weet:

"Onthou julle nie dat ek dit herhaaldelik gesê het toe ek nog by julle was nie? . . . julle weet wat hom nog teëhou sodat hy eers as dit sy tyd is, sy verskyning sal maak" (2:6).

In vers 6 praat Paulus van *iets* wat die Antichris teëhou en in vers 7 praat hy weer van *iemand* wat hom teëhou.

Die vraag is *nou: wie is* hierdie *iemand oi* hierdie *iets?* Die Tessalonisense het dit goed geweet, want Paulus het dit destyds aan hulle vertel, waarskynlik toe hy vir hulle gepreek het.

Nou het ons nie se!f Paulus se preke gehoor nie en daar bestaan ook nie 'n "preekbundel" van sy preke in Tessalonika nie.

Ons sal dus verder in die Bybel moet soek wat die antwoord is.

Dat die *Antichris* deur *iets* en *iemand* teëgehou word, beteken ook dat hy "vertraag" word of "vasgehou" word of "geblok-keer" word. Daar is iets soos 'n "padblokkade" in sy weg . . . hy kan eenvoudig nie vooruit voordat hierdie hindernis verwyder word nie! . . . 'n versperring!

Wat is nou hierdie blokkade wat hom teëhou? Wie is die persoon wat die vertraging veroorsaak?

Ons moet dit in verband bring met die "tekens van die tye" waarvan Jesus in Sy bekende "profetiese rede" spreek.

Byvoorbeeld in Markus 13 spreek Jesus van die tekens van die tye wat die einde voorafgaan. Hy noem dan onder andere die verskriklike dinge soos *oorloë, aardbewings, hongersnode, beroeringe* (Die Griekse woord "taragos" beteken ook "politieke opstande", "agitasies", "betogings").

Maar dan sê Jesus 'n opmerklike ding in Mark. 13:10:

"En die *evangelie moet* eers *aan al die nasies verkondig word"*.

Dieselfde gedagte vind ons ook in Openb. 11 waar aan ons beskryf word hoedat God Sy Woord oor die aarde stuur deur middel van die twee laaste getuies. In vers 2 word dan aan ons beskryf dat die Antichris, "die dier wat uit die afgrond opkom", God se getuies sal doodmaak, maar dit sal eers gebeur "wan-neer hulle hul getuienis voleindig het".

Met ander woorde die Antichris sal eers sigbaar verskyn, wanneer daar klaar gepreek is!

En nou kry ons die antwoord op *wat* dat hierdie blokkade is wat die Antichris teëhou: dit is die prediking van die Evangelie. En daarmee weet ons ook *W1E* die een is wat hom opsetlik vertraag: Dit is Jesus Christus!

Hier in 2 Tess. 2:7 staan totdat "Hy" wat nou teëhou uit die weg geruim is. Dit sou duideliker wees as ons liewer vertaal "verdwyn het", "uit die midde weggegaan het". Dit is nou die tyd waarin ons vandag leef! Dit is die tyd waarin elke preekstoel 'n nuwe padblokkade is wat Christus vir die Antichris bou! Agter hierdie padblokkade is daar verskriklike dinge aan die gang. Vers 7 sê:

"Die geheime krag van die wetteloosheid is al aan die werk ..." (2:7) . . . totdat die blokkade van die Evangelie op 'n sekere dag deur God weggeneem word.

Hierdie "geheime krag van die wetteloosheid", beteken letterlik: die misterie van die wetteloosheid!

Hier kom ons nou by 'n geweldige waarheid: Die persoon van die Antichris is nou nog vir ons 'n misterie, 'n geheim; ons het nog nie 'n besef van hoe hy as mens sal verskyn nie.

Soos wat die verskyning van Jesus as die Seun van God in die vlees as Mens 'n misterie van die *"godsaligheid"* (1 Tim. 3:16) is, so is die verskyning van die Antichris 'n misterie van die wetteloosheid.

Die misterie van die wetteloosheid staan teenoor die misterie van die godsaligheid (1 Tim. 3:16).

En dat die Antichris hier in sy , .wetteloosheid" getipeer word, spreek 'n taal in ons tyd wat so duidelik is dat elke kind dit selfs kan raaksien.

In ons moderne wêreld is die wetteloosheid aan die orde van die dag: dan erken die mens geen gesag nie . . . ook geen grens of sede nie . . . geen beskawing of eerbied vir waardes nie . . . geen ontsag en gehoorsaamheid nie . . . geen onskuldige mense of ordes nie. Hy gooi eenvoudig 'n handgranaat in 'n restaurant. Hy rig terroristekampe vir dood en verderf op . . . Hy maak van Universiteitskampusse platforms van rewolusie. Hy laai dinamiet in passasiersvliegtuie en speel met die lewes van onskuldige vrouens en kinders! Hy trek 'n masjiengeweer oop op weerlose slagoffers! Ja, agter die blokkade van die evangelie, sien ons die ver-skriklikste dinge in hierdie wêreld. Dit is asof die wêreld in 'n demoniese greep gekom het. Maar... die Antichris het nog nie ten volle tot openbaring gekom nie!

DIT IS TER WILLE VAN DIE EVANGELIE WAT NOG MOET GEPREEK WORD! Dit is die punt waaroor dit per slot van rekening gaan: Die prediking van die evangelie!

Wat beheers die wêreldgeskiedenis?

Christus! ... die prediking! ... die kerk!

Wat in 2:8 staan, voorspel egter vir die christendom 'n ver-skriklike donker tyd:

". . . en dan sal die wettelose op die toneel verskyn".

Satan kom dan met 'n magsvertoon (vers 9).

Valse tekens en wonders en gruwelike misleiding sal aan die orde van die dag wees (verse 9 en 10).

Die dwaling van die leuen sal die oorhand oor die mensdom kry (vers 11).

MAAR: Die gelowige is getroos - Christus sal die Antichris met die asem van Sy mond verdelg en met die glans van sy verskyning vernietig! (vers 8).

iii. **Die briewe aan die Tessalonisense en ander Skrifgedeeltes**

Oor die wederkoms van Christus, oor die oordeelsdag en die voleinding en ook die opstanding uit die dood, is dit nodig om o.a. ook die volgende Bybelgedeeltes te lees:

Matt. 24 en 25

Mark. 13

2 Petrus

Judas

1 en 2 Johannes

Openbaring.

Hoofstuk 16

Die Pastorale briewe

Dit is die boeke 1 en 2 Timoteus en Titus.

Alreeds in die 18de eeu word hulle "pastorale" briewe genoem. Dit is herderlike briewe omdat dit die herderlike versorging van die gemeente op die oog het.

16.1 Die twee herders Timoteus en Titus

Timoteus was 'n seun van 'n Griekse vader en 'n Joodse moeder met die naam van Eunice. Sy ouma was Loïs (2 Tim. 1:8). Tydens Paulus se tweede sendingreis in Pamfilië (Klein Asië) het Timoteus gelowig geword en ter wille van die band met die Joodse sinagoge is hy besny. As helper van Paulus werk hy veral in die gemeentes van Masedonië (Europa) o.a. Tessalonika en ander plekke. Van daar af gaan hy heen en weer na die suide van Griekeland (Korinte) (Kyk Hand. 17, 1 Tess. 3:1 e.v., Hand. 18:5, ens.).

Tydens Paulus se derde sendingreis, sluit hy by die apostel in Efese aan (Hand. 19:22) en gaan daarna weer na Korinte (1 Kor. 16:20).

In die tyd van die eerste brief aan hom, is Timoteus weer eens in Efese en daar wil Paulus hom spoedig besoek (1 Tim. 1, 1 Tim. 3:14 en 1 Tim. 4:13).

Titus was 'n Griek van geboorte. Hy vergesel Paulus en Barnabas vanaf Antiogië na Jerusalem (Gal. 2:1, 3; Hand. 11:25 e.v.). Hy is nie besny nie. Waarskynlik het hy aktief gewerk in die kerk van Korinte en hy sorg vir 'n geldinsameling vir Jerusalem in Korinte (2 Kor. 8).

In Paulus se brief aan Titus, bevind hy hom op die eiland Kreta.

Aan die einde van Paulus se lewe, stuur hy hierdie evangeliedienaar na Dalmasië (vandag Joegoslawië).

16.2 Kort inhoud van hierdie briewe

1 Timoteus

Die ware evangelie word alreeds in die eerste hoofstuk duidelik gestel. Paulus waarsku baie ernstig teen die valse prediking. Die evangelie moet suiwer bewaar word, want dit is God se kerk.

Verder word gehandel oor die plek van die vrou in die Kerk. Hier is geen vroue-onderdrukking wat verkondig word nie, maar aan die ander kant moet die vrou haar plek ken. In haar kleredrag moet die vrou "waardig, beskeie en ingetoë" wees (1 Tim. 2:9). Ook in die kerkdiens moet sy "stil en onderdanig wees en haar laat leer" (vers 11). Die vrou het 'n ereplek en sy is nie 'n slaaf van die man en die samelewing nie, maar die idee van "women's lib" kan ook handuit ruk.

Vir die opbou van die gemeente word die vereistes vir ouderlinge en diakens baie duidelik gestel (hoofstuk 3).

Timoteus (die evangeliedienaar) word geroep tot godsvrug.

Hier is ook opdragte oor weduwees, die verhouding tussen here en slawe (werkgewer en werknemer) en waarskuwings teen die gevare van rykdom.

2 Timoteus

Dit is Paulus se laaste brief. Hy is alreeds 'n ou man en hy sit in die tronk in Rome. Die dood is naby. Die mediese dokter Lukas is by hom en hy verlig die pyn van die wonde en siekte.

"Ek het die wenstreep bereik . . ." sê Paulus.

Hy het ook rede om baie teleurgesteld te wees: een van sy helpers (Demas) het hom verlaat en "het die teenswoordige wêreld liefgekry" (2 Tim. 4:9).

Timoteus ontvang nou verskeie opdragte - ook van persoonlike aard.

Die brief is verder 'n opwekking vir Timoteus om standvastig te bly en die suiwer leer te bewaar teen die dwaalleraars.

Titus

Titus werk op die eiland Kreta en Paulus gee aan hom voorskrifte oor hoe hy die gemeente moet organiseer. O.a. moet hy ouderlinge aanstel (1:5).

In hierdie brief is ook verskeie vermanings aan die adres van die ou manne, die jongmense en die slawe (werknemers). Titus self moet ook 'n voorbeeld vir almal wees.

Aan die slot vind ons persoonlike opdragte en aanbevelings.

16.3 Die doel van die pastorale briewe

Dit is briewe ter wille van die kerk. Hierin vind ons God se bedoeling vir die goeie, ordelike voortgang van die kerk waardeur die evangelie op aarde sy loop moet kry.

Die saak van die suiwer leer staan pertinent op die voorgrond. Daar is niks so verwoestend vir die gemeente as die valse leer nie. Daar is geen kompromie tussen die waarheid en die leuen nie. Al kos dit stryd en lyding en selfs vervolging in die wêreld, moet die kerk nogtans konsekwent vashou aan die waarheid en die valsheid met alle mag bestry.

Hoofstuk 17

Die brief aan die Hebreërs

17.1 Wie het die boek Hebreërs geskryf?

Ons weet nie! Die skrywer word nêrens vermeld nie. Die kerkvader Origines het reeds in die 3de eeu gesê: "Alleen God weet wie het die brief aan die Hebreërs geskryf." Sommige het gemeen dat die skrywer Paulus was omdat Timoteus hierin genoem word (13:23) en ook nog 'n reeks ander argumente. Ander probeer weer bewys dat dit glad nie Paulus is nie.

Maar dit maak nie saak nie: ook hierdie boek is die Woord van God!

Die skrywer reken homself tot die tweede geslag van christene; nie tot die eerste geslag waaronder die apostels en ooggetuies was nie (2:3). Die ontstaan van die brief kan waarskynlik dan ongeveer in die jaar 80 n.C. wees.

17.2 Die inhoud

Eintlik lyk die boek nie soos 'n brief nie. Ons kan feitlik sê dat dit 'n **preek** is vir die christene wat uit die Jodendom kom (daarom "Hebreërs") om hulle te troos, aan te moedig en te vermaan

Die lesers is mense wat baie swaar gely het onder vervolging en die gevolge daarvan.

In die **eerste hoofstuk** word 'n parallel getrek tussen God se open-baring in die O.T. en Sy openbaring deur Sy Seun Jesus Christus (1:1-3):

"In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons gepraat deur die Seun" **(1:1).**

God is in die O.T. en die N.T. die **sprekende** God. Hy kom tot ons met Sy Woord.

Nadat die Seun Sy werk op aarde voltooi het is Hy aan die regterhand van die Vader en is oneindig meer as die engele (1:4-14). Psalm 2 word hier in die N.T. verklaar.

Ook die wet van die O.T. is deur Christus gegee (2:1, 2). Verwerping van Christus sal erger oordeel bring as die verwerping van die wet. Hy is die ewige Hoëpriester in wie die profesieë van die O.T. ver-vul is.

Let verder op die volgende:

i. **Die gevaar van ongeloof aan die Woord van God** Ons vind dit in hoofstuk **3:7** tot **4:11.**

ii. **Die Hoëpriesterskap van Christus volgens Melgisedek**

   Hier word weer eens sterk teruggegryp na die O.T. en wel na die "orde van Melgisedek" (Lees Gen. 14 en Ps. 110).

   Christus is meer as Aäron (7:1-28). Christus is die Middelaar van die Nuwe Verbond (8:1-13) soos wat Sy werk en offer in die O.T. se erediens afgebeeld is (9:1-10).

   Christus die Hoëpriester se offer het ewige waarde en dit bring die seremonies en offers van die O.T. tot 'n einde (9:11-28). Verloëning van hierdie Hoëpriester bring 'n ver-skriklike oordeel (10:1-31).

iii. **"'n Groot wolk van getuies"** (12:1, ou vertaling)

   Die Hebreërs word versterk en vertroos in hulle moeites en stryd (10:32-39). Hulle word nou gewys op die ware geloof en op daardie "geloofspioniers" van die O.T. wat

voortdurend "deur die geloof' geleef het (11:1-40).

"So 'n wolk van getuies" (groot skare geloofsgetuies - nuwe vert.) moet 'n aansporing wees tot volharding. Dan sien die Hebreërs hulle lyding as tugtiging uit die hand van God (12:1-29).

Hoofstuk 13 bevat algemene vermaninge, groetes en seënwese.

Hoofstuk 18

Die Algemene briewe

Van die 18de eeu af is 'n sekere groep briewe "katolieke" (= algemene) briewe genoem. Hulle is die volgende briewe:

Jakobus

1 en 2 Petrus

Judas

1, 2 en 3 Johannes

18.1 Die brief van Jakobus

Wie was hierdie Jakobus? Dit is 'n moeilike vraag want daar was ten minste vyf mense met die naam Jakobus waarvan ons weet:

i. Jakobus die seun van Sebedeüs, die broer van Johannes en een van die dissipels (Mark. 1:19). Hy is deur koning Herodus in die jaar 44 met die swaard doodgemaak (Hand. 12:2).

ii. Jakobus die seun van Alfeus (Matt. 10:3, Mark. 3:18).

iii. Jakobus "die kleine" (sy moeder was een van die Marias) (Mark. 15:40).

iv. Jakobus die vader (nie die broer nie) van die dissipel Judas Taddeüs (Mark. 3:18).

v. Jakobus, Jesus se broer (Matt. 13:55; Gal. 1:19; 1 Kor. 15:7; Hand. 15:13). Hy is as martelaar in 62 (of 65) gestenig.

Hierdie laaste Jakobus, die broer van ons Here Jesus Christus, is waarskynlik die skrywer van die brief.

In die brief van Jakobus word veral die sonde van skyngodsdiens bestry (rykdom, skinder, kwaadspreek). Die brief is eties (onderwysend vir die praktiese lewe) van aard. Die tema is: leef in alles met God (geloof - werke). Is daar 'n teenstelling tussen wat Paulus skryf in Rom. 3:28 en wat Jakobus skryf in 2:24?

Rom. 3:28 "Ons betoog is tog dat 'n mens vrygespreek word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie".

Jak. 2:24 "Julle sien dus dat 'n mens vrygespreek word op grond van sy dade en nie op grond van sy geloof nie". Dit is geensins 'n teenstelling nie, maar die twee verskillende manne skryf vanuit twee verskillende gesigspunte van die evangelie! Paulus skryf teen die gevaar van die Judaïsme = saligheid deur die werke . . . Jakobus skryf teen die geestelik-dooie christene (niks doen nie!)

Hier vind ons die geloofspanning tussen God se soewereine genade aan die een kant en die mens se verantwoordelikheid aan die ander kant.

18.2 Die briewe van Petrus en Judas

i. Die briewe van Petrus

Die geadresseerde in die eerste brief is die vreemdelinge in die wêreld, die verstrooides, die

wat verspreid is in die provinsies Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië (= die provinsie in Klein Asië) en Bitinië.

Hierdie christene het ontsettend swaar gehad onder vervolging. Hulle moes onder moeilike omstandighede oorleef. Nou troos en versterk die apostel hulle. Dit is 'n brief van hoop, '"n riem onder die hart":

Wees standvastig (5:12).

Wees 'n goeie voorbeeld (2:1 e.v.).

Dit is 'n genade om te ly (3:14).

Lyding is 'n kenmerk van die laaste dae en die einde van die tye (4:7).

Groei in die lewe van Christus (2:2, 1:23).

Die gelowiges is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom . . . (2:9).

Onderwerp julle aan owerhede (2:13 e.v.).

Die vroue moet die regte voorbeeld gee (3:1 e.v.).

Petrus skryf waarskynlik sy eerste brief vanuit Rome (hier genoem "Babilon", 5:13). Dit is in die vervolgingstyd deur keiser Nero in die jaar ± 64.

Die tweede brief van Petrus toon 'n duidelike ooreenkoms met die brief van Judas.

Die volgende sake kom na vore:

Maak jou roeping en verkiesing vas (1:10).

Maak erns met die profetiese Woord:

"Dit veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie . . . (1:20).

Ook kry ons 'n insig oor die wederkoms van Christus en die oordealsdag (hoofstuk 3).

ii. Die brief van Judas

Judas neem groot gedeeltes van Petrus se tweede brief oor. Let op die kenmerkende ooreenkoms tussen 2 Petr. 2 en 3 en Judas.

Judas waarsku teen losbandige leraars wat die pad van Kain en Bileam geloop het. Hulle is skandvlekke in die liefdesmaaltye. Die oordeel is verskriklik. Sodom en Gomorra kom weer in die gesigsveld. Die sondvloed kom in herinnering. Die val van die engele word vertel.

Judas was waarskynlik ook 'n eie broer van Jesus.

18.3 Die drie briewe van Johannes

Johannes is dieselfde man wat die vierde "evangelis" geskryf het. Die styl, die woordkeuse en die gedagtegang kom verrassend duidelik ooreen met die "evangelie". Dieselfde kernwoorde vind ons hier: lig -duisterrüs, waarheid - leuen, lewe - dood. In 1 Johannes ontdek ons twee lyne wat deur die geskrif loop:

a. God is lig en liefde en vergeef ter wille van Christus al die sonde. Glo in Hom!

b. Bewaar Christus se gebooie. Hou vas aan die Woord! Moenie die wêreld liefhê nie. Julle moet mekaar liefhê!

Die 2de en 3de briewe van Johannes toon ook baie groot ooreenkoms. Die tweede brief word selfs as 'n uittreksel van die eerste brief beskryf. Hier gaan dit rondom die twee persone Demetrius (van wie almal 'n goeie getuienis gee) en Diotrefes (wat sy eie eer soek).

Hoofstuk 19

Die boek Openbaring

19.1 Inleiding

19.1.1 Gelukkig die een wat lees en luister en bewaar

Sommer in die derde vers van hierdie laaste Bybelboek staan 'n wonderlike belofte:

Die een wat dit **lees** en dit **hoor** en **ter harte** neem, is **geseënd.**

Dit gee geluk. Dit is selfs 'n belofte van saligheid. Wat 'n geweldige aansporing. Hierdie boek mag by Bybellees dus nooit oorgeslaan word nie. By huisgodsdiens mag dit nie vergeet word nie. Dit mag nie in 'n kluis gebêre word nie. Ook word daar nêrens gesê dat die boek Openbaring te moeilik is om te lees nie, of dat selfs kinders dit nie kan verstaan nie en dat dit selfs vir die predikers te moeilik is om daaruit te preek.

Nee, juis as jy gelukkig wil wees, lees dit! Hou aan . . . en gebruik nie alleen jou oë nie, maar ook jou ore: luister daarna. En neem dit ook ter harte! Bewaar "wat daarin geskrywe staan WANT DIE EINDTYD IS NABY".

Dus, christene, aan die werk met die boek Openbaring! Die tyd word kort.

19.1.2 Die naam "Openbaring'"

Volgens die oorspronklike Grieks is hierdie boek 'n "apokalips". Dit beteken letterlik **'n sluier wat weggeneem word.**

Dit is **'n bekendmaking, 'n onthulling, 'n ontbloting, 'n ontdekking, 'n openbaring.**

Daar is dus geen sprake van iets wat moet toegehou word nie. Die geheime word juis bekendgemaak. Die sluiers word weggeneem en selfs die maskers word afgepluk!

Maar wat is die belangrikste van alles? Dit is die OPENBARING van JESUS CHRISTUS. Hierdie name sê alles. Jesus = Saligmaker, Verlosser, Redder. Christus = Gesalfde, die groot Ampsdraer van God die Vader. Juis in Hom het God Homself geopenbaar.

Wil jy meer weet van Jesus Christus? Wil jy hê Hy moet Homself aan jou bekendmaak sodat jy Hom nog beter kan ken? Lees dan ook die boek Openbaring.

19.1.3 Metodes van verklaring

Volgens watter metode moet die boek Openbaring verklaar word? Wat is die sleutel?

Hieroor bestaan onder Skrifverklaarders dikwels ontsettende verwarring. Ons kan selfs praat van 'n Babelse spraakverwarring. Iemand het selfs gesê dat die sleutel om hierdie Bybelboek te verstaan, reeds lankal in die see by Patmos geval het.

Onder die groot verskeidenheid metodes (dikwels ook deurmekaar gemeng), was daar hoofsaaklik vyf metodes wat deur die eeue die toneel oorheers het en tog nie ondanks goeie bedoelings, kon slaag nie:

i. **Die historiese metode**

   Hiervolgens word die boek Openbaring verklaar as 'n soort kalender van die geskiedenis. Elke visioen dui op 'n bepaalde tydperk in die geskiedenis. Byvoorbeeld:

Die kerk van **Efese** h. 2) beskryf die geskiedenis van die eerste eeu.

Die kerk van **Smirna** dui op die tydperk van vervolging onder die Romeinse keisers.

Die kerk van **Pergamus** vertel van die staatskerk vanaf die 4de eeu.

Die kerk van **Tiatire** vertel van die kerk onder die pous, ens.

ii. **Metode van vergelykende godsdienste**

Allerlei parallelle (vergelykings) met ou Griekse mites en Babeloniese verhale word dan in die boek Openbaring gesoek.

iii. **Die metode volgens die ontstaanstyd**

Volgens hierdie metode moet die boek Openbaring altyd verklaar word teen die agtergrond van die tyd waarin die skrywer geleef het, bv. Babel (hoofstukke 17, 18 en 19) kan alleen op Rome sien.

iv. **Die motief van die eindtyd**

Hier het alles alleen betrekking op die toekoms en wel die laaste periode van die geskiedenis, die eindtyd.

v. **Die allegoriese metode**

Alles is hier beeldspraak. Vergesogte toepassings word dan gemaak, bv. die water wat in bloed verander (16:4) sien op die vervalsing van die Bybel. Natuurlik word daar baie van beelde gebruik gemaak, maar 'n metode om alles te vergeestelik is gevaarlik.

19.1.4 Hoe moet ons nou die boek Openbaring sien?

i. Dit is 'n profesie

Die laaste Bybelboek verklaar **homself** as **'n profesie.** So lees ons dit heel aan die begin (1:3) en ook by vier plekke aan die slot van die boek (22:7, 10, 18, 19).

ii. Wat is 'n profesie?

Letterlik beteken dit volgens die Griekse woord: 'n saak wat namens iemand uitgespreek is. In die Bybel beteken dit om namens God 'n saak bekend te maak.

'n Profesie gee kennis oor die **verlede,** die **hede** en die **toekoms.**

(Let wel: Dit is eensydig om 'n profesie alleen op die toekoms toe te pas)

Die boek Openbaring is dus 'n boek wat spreek oor die **verlede,** die **hede** en die **toekoms.**

Laat ons voorbeelde uit die boek noem:

In **hoofstuk 12** word die **verlede** van Jesus se geboorte en hemelvaart na vore gebring.

In **hoofstukke 2 en 3** word die **hede** beskryf met die sewe kerke van Klein-Asië.

In 1:19 kom die toekoms in die gesigsveld as die bevel kom: "Skrywe nou op wat jy gesien het, wat nou daar is en wat hier-na gaan gebeur".

Ons kan 'n beeld gebruik: Met die boek Openbaring staan 'n mens soos op 'n hoë bergtop . . . jy kyk ver terug in die **verlede,** jy sien hier naby jou die **hede** en jy kyk ver vorentoe in die **toekoms.**

iii Van Pinkster tot by Wederkoms

Die boek Openbaring omspan die hele tydperk vanaf Pinkster tot by Christus se

Wederkoms. Dit is die laaste bedeling van die geskiedenis, die "laaste dae" van Hand. 2:17. Hierdie hele tydperk is die beskrywing van die Here se **koms.** Sy koms is reeds aan die gang: "Kyk, Hy kom met die wolke . . .", "Kyk, Ek kom gou!" (1:7, 22:7, 12,20).

iv Struktuur met die getal sewe

Ons vind 'n duidelike, vaste struktuur van sewe:

7 gemeentes
7 seëls
7 trompette
7 bakke (gevul met God se toorn)
7 plae, ens.

Hierdie reekse van die getal 7 is weer onderling met mekaar verbind, bv. die sewende seël ontvou in die sewe trompette, die sewende trompet loop uit op die sewe bakke, ens.

v. Toename in intensiteit

Die oordele wat in verskillende reekse kom, word elke keer hewiger. Daar is 'n toename in intensiteit. Bv. as die 4de seël geopen word, dan word 'n vierde deel van die aarde getref (6:8), by die blaas van die trompette word een derde van die aarde getref (8:7) en ten slotte word die oordeel met die bakke van toorn algeheel (15:1). Dan word alles beskadig, die aarde en die mense (16:2); ook alles van die see (16:3), ook die riviere en die waterbronne (16:4), die mense (16:8, 9), die stede (16:9) en al die eilande (16:20).

vi. Tog word nie alles vertel nie

Ons moet dit goed onthou: Die Openbaringboek vertel nie **alles** van die geskiedenis nie. Ons moet beskeie wees in ons nuuskierigheid. Daar is nog steeds geheime. Met opset vertel God nie alles nie:

"En toe die sewe donderslae praat, wou ek dit opskrywe, maar ek het 'n stem uit die hemel hoor sê: ‚Hou geheim wat die sewe donderslae gesê het; moet dit nie opskrywe nie'." (10:4)

Ons moenie ons verbeel dat ons met die Openbaringsboek in die hand 'n ensiklopedie met 'n indeks van die hele wêreldgeskiedenis het nie. Openbaring is 'n profesie en nie 'n horoskoop (om die toekoms volgens die stand van sterre te voorspel) nie.

19.1.5 Die skrywer en tyd van ontstaan

Waarskynlik is die man wat die Openbaringsboek geskryf het Johan-nes. So word hy in die boek self genoem (1:4, 9; 22:8). Ons is egter nie bo alle twyfel seker dat dit wel die apostel Johannes was nie. Tog was dit die oorlewering (tradisie) van die ou Christelike kerk dat dit hy was en ons aanvaar dit as die mees waarskynlike (omdat daar nog nie voldoende bewyse vir 'n ander Johannes is nie).

Die kerkvader Irenaes gevolg deur Eusebius die geskiedskrywer stel die ontstaanstyd van die boek Openbaring "teen die einde van die regering van keiser Domitianus" wat van 81 tot 96 geregeer het, d.w.s. ongeveer 95 n.C. Toe was daar 'n swaar vervolging van christene en Johannes was waarskynlik een van die slagoffers wat na die eiland Patmos verban is (1:9).

Openbaring 1

Christus se verskyning en opdrag

1.1 GOD se openbaring

Dit is God se openbaring aan Sy Seun Jesus Christus deur sy engel Johannes.

Die volgorde is God - Christus - die engel - Johannes - die kerk . . .

1.2 Die geadresseerdes

Dit is die sewe gemeentes in die provinsie Asië (vers 4). Hulle is die verteenwoordigers van Christus se hele kerk in alle tye van ons geskiedenis. Die getal dui op die volheid.

1.3 Aansluiting by die Ou Testament

Dit is opvallend hoe sterk die boek Openbaring aansluit by die Ou Testament. Trouens, sonder 'n kennis van die O.T. kan die boek Openbaring nie verstaan word nie. Dit blyk deurgaans in die hele boek. Reeds in hoofstuk 1 kom dit uit:

Vers 4 "Hom wat is en wat was en wat kom" sluit aan by Ex. 3:14 "Ek is wat Ek is . . ."

Vers 7 verwys terug na **Sag. 12:10.**

Die sewe staanlampe (kandelaars) sluit aan by die kandelaar met sy sewe arms van die Ou Testamentiese tempel.

Die koms op die wolke van die hemel, sluit aan by (Dan. 7:13).

1.4 Christus verskyn as die Koning

Met beelde word Jesus Christus as die ewige Koning in sy majesteit en heerlikheid gesien. Dit is ook die koninklike gestalte van Daniël 7.

Hier wandel hy tussen die sewe goue lampe. D.w.s. die Koning is juis Koning van Sy kerk. Die een gemeente is nie ondergeskik aan die ander nie, maar gelykwaardig onder die regering van hulle Koning.

Die swaard wat uit Sy mond gaan, is die prediking van God se Woord, vgl. Ef. 6:17, Heb. 4:12, Openb. 2:16.

Die sewe sterre is die sewe leraars. Christus het hulle in Sy hand.

Openbaring 2

Die kerke Efese, Smirna, Pergamus en Tiatira

2.1 Efese:

Destyds (eerste eeu) 'n baie groot hawestad - 300 000 inwoners. Dit was beroemd deur die tempel van Diana (Hand. 19:39).

Christus stel Homself hier voor as die een wat die sewe sterre in Sy regterhand vashou en wandel tussen die goue lampe.

Die stryd in Efese gaan dus tussen lig en duisternis, tussen die Evangelie en die donker heidense magte.

Waarvoor Efese geprys word: Hulle stryd teen die sonde en verwerping van die dwaalleer.

Waarvoor Efese vermaan word: Hulle verlating van hul eerste liefde = liefde vir Christus.

Die belofte: Aan elkeen wat oorwin in die geloof word die Paradys belowe.

2.2 Smirna:

Vandag die hawestad Izmir in Turkye. Destyds was hier 'n groot tempel vir die godin Roma waarin die keiser aanbid is. Hier was ook baie Jode wat die christene vervolg het.

Christus stel Homself voor as die Een wat dood was en weer lewend geword het. In Smirna gaan die kerk se stryd dus tussen lewe en dood.

Ontsettende armoede, en tog - Smirna se kerk is ryk, ryk aan die genade van Christus.

Ook ontsettende vervolging wag op hulle.

Maar die belofte is groot: die lewe as kroon. Die "tweede dood" (die verdoemenis) sal geen vat op hulle hê nie.

2.3 Pergamus

Was ook 'n groot stad ongeveer 80 km. ten noorde van Smirna. Hier was baie afgodstempels, o.a. die geweldige tempel vir die godin Athena en die massiewe altaar vir die god Zeus.

Dit was ook die hoofkwartier van die god van die genesing nl. Asklepios met sy simbool van die slange wat krul om 'n pilaar.

Jesus stel Homself hier voor aan die gemeente as die Een met die skerp swaard wat aan albei kante geslyp is - d.w.s. Hy is die Een met die Woord van oordeel en verlossing.

Hier gaan die stryd van die kerk tussen waarheid en leuen.

Asklepios beloof lewe, maar dit is 'n leuen - Christus is die opstanding en die lewe.

Troon van Satan:

Waarskynlik die Asklepiostempel met die slang.

In hierdie stryd moet Antipas (waarskynlik 'n leraar) sterf ter wille van die waarheid.

Die sonde van verleiding deur Bileam in die geskiedenis van Israel word skerp geteken.

Die oordeel: Die swaard (prediking) sal die gemeente tref.

Die belofte: Manna (lewensbrood) en 'n toegangsteken (die wit klippie).

2.4 Tiatira

Tiatira was 'n stad van industrieë en vakbonde. Dit het juis die spanning vir die gemeente gebring: om 'n werk te kry moes die christene lid word van so 'n vakbond en dit het weer beteken dat hulle deel moes hê in die sosiale lewe van die heidene wat gepaard gegaan het met wêreldse en selfs onsedelike gebruike. Daarby was die vleis wat op die feeste gebruik is, offervleis uit die heidense tempels. Deelname aan hierdie sosiale lewe het dus beteken deelname aan die geloof in die afgode.

Om hierdie rede stel Jesus Christus Homself voor as die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam. Hy is die Messias wat alles sien.

In die gemeente is dit 'n vooraanstaande vrou wat die lidmate verlei. Sy word Isebel genoem en daarmee word die vrou van die goddelose koning Agab van die O.T. in herinnering geroep. Sy leer aan hulle die onsedelikheid en verlei hulle om afgodsoffers te eet.

Die Here se straf is meedoënloos - 'n siektebed en swaar lyding, ook 'n pessiekte.

Hier is ook 'n belofte vir die wat getrou is. Hulle het mag oor die nasies, want "Hy sal hulle met 'n ystersepter regeer . . ."

Hulle wat oorwin, ontvang die môrester - simbool van die lig van die nuwe dag ... die ewige saligheid.

Openbaring 3

Die kerke Sardis, Filadelfia en Laodisea

3.1 Sardis

Hier word sake taamlik algemeen gestel - min konkrete gegewens.

In kort: Sardis is die kerk met 'n goeie naam na buite. Uiterlik **lyk** alles pragtig, "en tog is julle dood".

Jesus stel Homself voor as die een met die sewe Geeste **en die sewe** sterre. Hy werk volledig met Sy Gees en sy Woord - die prediking. Dit gee die lewe in die gemeente en nie die uiterlike dinge nie.

Sardis teer op vergane roem - vroeër 'n beroemde stad, maar dit is reeds aan die kwyn.

Die gemeente is aan die slaap en besig om te sterf. Die oproep van bekering is skerp: Word wakker!

Hier is 'n kerk sonder die spanning van Christus se wederkoms. En Jesus waarsku dat Hy sal kom soos 'n dief in die nag.

Die belofte vir hulle wat leef uit die genade van Christus is egter geweldig groot.

3.2 Filadelfia

Die stad was nie baie groot nie en eintlik ook nie baie belangrik nie. Aardbewings het dikwels met groot rampe voorgekom.

Oor die kerk aldaar het Christus baie lof. Dit was 'n klein, maar getroue gemeente.

Christus die Sleuteldraer gee 'n geopende deur - vir die Evangelie in die wêreld. Die sendingstaak is dus nie afhanklik van die groot krag en baie fondse in die gemeente nie.

Die beloftes is ryk:

Die vyand sal tot erkenning kom . . . vers 9.

Die gemeente sal "vasgehou" word omdat hulle die Woord vashou . . . vers 10.

Die oorwinnaars word pilare in God se tempel . . . vers 12 ens.

3.3 Laodisea

Hier het ons die "lou" gemeente - nie koud nie en ook nie warm nie. Dit is die kerk met die kompromis met die wêreld. Hoewel hulle stoflik ryk is, is hulle geestelik arm. Hulle is ook geestelik blind en nakend -d.w.s. hulle dra nie die kleed van Christus nie.

Treffend is Christus se oproep tot bekering: Hy staan by die deur en Hy klop! D.w.s. luister na die Evangelie!

Openbaring 4

Die wêreldgeskiedenis beheers vanaf die troon van God

Waar die vorige twee hoofstukke die aandag op die kerk in die wêreld gevestig het begin hoofstuk 4 met God se dade in die wêreldgeskiedenis.

Alles wat nou verder gaan gebeur, is die uitwerking van hierdie troongesig.

Baie motiewe van die O.T. speel 'n rol, o.a. sien dit op 'n aansluiting by Daniël 7, Esegiël 1 en 10, Jesaja 6.

Die reënboog as teken dat die ou wêreld in die dae van Noag met water vergaan het, word weer gesien.

Die komende oordeel sal wees met "weerligstrale, dreunings en donderslae" (vers 5).

In die volgende hoofstukke sal hierdie oordele en gerigte verder uitgewerk word.

Dit is 'n reeks van oordele - altyd meer en meer intens totdat dit met die eindgerig finaal en katastrofaal sal wees.

Juis die oordele en gerigte is werk van die Heilige Gees - die sewe fakkels voor die troon as die sewe Geeste van God. Dit is die vervulling van die Pinksterdag waar Petrus spreek dat die Heilige Gees deur bloed, vuur en rookdamp werk.

Aan die slot van die troongesig kom die lofsegging van die kerk en die skepping. Die kerk word verteenwoordig deur die 24 ouderlinge (12 vir die O.T. en 12 vir die N.T.). Die 4 "lewende wesens" verteenwoordig die skepping.

So word in hoofstuk 4 nou die basis gelê vir God se groot werk wat verder gaan beskryf word.

Openbaring 5

Die boek van raadsbesluite

Hoofstuk 4 en 5 hoort bymekaar. Dit vorm saam die inleiding, of om 'n musiekterm te gebruik, die "overture" tot die drama van die wêreldgeskiedenis.

Die weerligstrale, dreunings en donderslae (4:5) wat van die troon uitgaan kondig God se gerigte en strawwe aan waardeur die wêreld geteister en beheers word.

In hoofstuk 5 sien ons dat dit Jesus Christus as die Lam van God (d.w.s. die gekruisigde Christus) is, wat die seëls van God se raadsbesluite oopbreek.

Openbaring 5 gryp ook terug na Jesaja 8. Daar word beveel dat die getuienis moet toegebind word en die wet verseël word (Jes. 8:16).

Hier in Openb. 5 word die boek weer oopgemaak: God se plan met die wêreld gaan deur. En dit is Jesus Christus wat dit doen! Daarom kom juis ook aan Hom alle lof en aanbidding toe.

Dit gaan in die wêreldgeskiedenis nie oor mense en magte vanuit die wêreld nie. Die beslissing val nie hier in die raadskamers van die wêreldleiers nie, maar daarbo by die troon in die hemel waar Christus regeer kragtens Sy kruisoffer - dat Hy versoening tussen God en mense bewerk het.

Die Lam neem die boekrol uit God se regterhand (5:7).

Die Lam maak die seëls oop (6:1 e.v.).

Openbaring 6

Die eerste vier seëls

Hier lees ons dat **ses** van die sewe seëls oopgemaak word. Ons sien' hoe dat die geskiedenis gepaardgaan met **oorlog, rewolusie, honger** en **siekte-epidemies.**

Met die 5de seël sien ons onder die altaar die siele van die martelare ter wille van die Woord. Nou roep die hemel om wraak: "Wanneer voltrek U die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde?" (6:10).

Hulle word egter getroos met die "wit klere" (= heiligheid) en hulle moet eers wag totdat ook die ander martelare van die geskiedenis nog bygevoeg word. Sal dit dalk in die toekoms sommige van ons wees?

Met die 6de seël kom 'n groot aardbewing en die hele wêreldgebou val in puin.

Hier vind ons alreeds die feit van die eindoordeel: die groot dag van God se oordeel en wie sal staande bly? (vers 17).

Weer eens: Ons moet die boek Openbaring nie lees asof die gebeurtenisse kronologies volgens die hoofstukke beskryf word nie.

Openbaring 7

Die 144 000

Hier het ons nog 'n onderdeel van die openbaring van die 6de seël. Daar is 'n baie nou verband tussen die slot van hoofstuk 6 en die visioene van hoofstuk 7.

Hoofstuk 6 eindig met die vraag: "Wie sal staande bly?" Hoofstuk 7 gee die antwoord: 144 000 uit elke stam van Israel. Hulle is aan hulle voorkoppe gemerk met 'n seël dat hulle die eiendom van God is. Wat ookal in die wêreld gebeur, hulle is veilig. As die wêreldgebou ineenstort, sal hulle in hierdie chaos nie ondergaan nie.

Die getal 144 000 het 'n simboliese betekenis:

144 000 = 12x12x10x10x10. Die tweekeer 12 sien op die afgronde verbondsgetal van die O.T. en die N.T. 10 is die getal van volledigheid. Dit dui dus alles op 'n goedgeordende afgeronde geheel oor die hele wêreld.

Wie sal bestaan? Dit is die volledige getal van al God se kinders in alle tye van die geskiedenis oor die hele wêreld. Dit sal volledig wees; nie een sal gemis word nie.

Dan kom die volgende bedryf in die drama:

Johannes sien hierdie selfde skare as 'n groot menigte wat niemand kan tel nie. Hulle kom uit elke nasie, stam, volk en taal.

Let wel: Nasies en volke en stamme word nie opgehef asof hulle nie bestaan nie.

Hulle staan voor die troon en voor die Lam. Johannes het nie alleen die getal van die verlostes gehoor nie, maar hy sien ook die vervulling van God se belofte.

Aan die einde van hoofstuk 7 kry ons dan 'n beskrywing van die saligheid teen die agtergrond van die lyding hier op aarde.

Openbaring 8

Die 7de seël met die halfuur stilte en die eerste 4 trompette

Met die 7de seël gebeur iets baie onverwags: In plaas van die dadelike gedreun van donderslae, weerligstrale, ens. kom daar 'n ½-uur stilte in die hemel.

Wat is dit?

Dit is die dramatiese stilte voor die storm. Dit is asof die hele hemel met die engele as't ware hulle asems ophou oor die verskriklike dinge wat gaan gebeur.

Juis die hemel leef in spanning mee oor wat op die aarde gebeur. Die spanning kom tot 'n keerpunt.

Trouens die aksie oor wat op die aarde gebeur, gaan vanuit die hemel uit. Alle inisiatief kom van die troon - dreunings, weerligstrale, ens.

Maar daar is ook 'n aksie wat uitgaan vanuit die aarde - die gelowiges se gebede!:

As die gerigte deur die 7 trompette oor die afvallige, onbekeerde mensdom losbreek, val daar vuur en ontsettende rampe op die aarde.

Maar hierdie vuur kom van die altaar waarop die gebede van die gelowiges geoffer is.

As God se oordele en gerigte die mensdom tref, is dit die antwoord op die gebede van die gelowiges. Dit is die antwoord op die kerk se gebed dat God se Naam moet geheilig word en dat Sy koninkryk moet kom!

Hoe swak en misken die gelowiges ookal op hierdie aarde is, hulle is sterk deur hulle gebede. Dit is die vuur van die altaar wat die oordele oor die ongelowige mensdom ontketen.

Hoofstuk 8 beskryf verder die uitwerking van die eerste vier trompette:

Die 1ste trompet: 1/3 van die **aarde** word verwoes.

Die 2de trompet: 1/3 van die **see** word verwoes.

Die 3de trompet: 1/3 van die riviere en waterbronne word ver-nietig. Die verskriklike rampe van besoedeling en besmetting kom hiermee. Vgl. bv. die radio-aktiewe water van die atoombom by Hirosjima in 1945.

Die 4de trompet: Die natuurordening en die heelal word getref - weer 1/3.

En dan die arend! "Wee, wee, wee . . ." Die ander trompette moet nog blaas want dit is nog nie die einde nie. Die eindoordeel kom nader. Die eerste storms word reeds gemanifesteer in die geskiedenis.

Dink aan die toename in intensiteit: Die Tweede Wêreldoorlog is erger as die Eerste Wêreldoorlog.

En die Derde . . .? Kernwapens?

Openbaring 9

Die 5de en 6de trompette

Met elke trompet kom daar skokkenderwyse 'n nuwe en erger oordeel oor die wêreld.

Met die eerste vier trompette kom die oordele oor die fisiese wêreld. Die natuurmagte word ontbind met ontsettende gevolge.

Hoofstuk 8 eindig met drie uitroepe van "wee". Die trompette wat volg gaan nog soveel verskrikliker oordele aankondig.

So is die vyfde en sesde trompette oordele, nie alleen oor die fisiese wêreld nie, maar oor die **mense.** Sonder onderskeid in rang of stand word alle mense getref behalwe hulle wat die seël van God op hulle voorhoofde het (vers 4). Die gerig gaan dus oor die totale vyandige wêreld wat God verwerp.

Ons sien twee soorte oordele:

Met die 5de trompet val 'n **ster** uit die hemel. Hierdie ster het nou mag oor "die put van die afgrond" ("skag na die onderaardse diepte" volgens die nuwe vertaling).

Hierdie **put van die afgrond** is die plek vir die duiwels voor die oordeelsdag. Daama word dit die **"poel van vuur"** (Openb. 19:20, 20:10, 14, 15). 'n **Digte rook** wat die lug en die son verduister styg uit hierdie put op - die sataniese gees wat die wêreld en die menslike samelewing ver-donker.

Uit hierdie rook kom die **sprinkane.** Ons sien die verband met die plaag van sprinkane in Egipte.

Destyds het die 10 plae met 'n toename en intensiteit tot Farao gekom. Ook hier in die Openbaringboek word die oordele al hoe meer intens - die wêreld word gaandeweg ryp gemaak vir die finale oordeel.

Sprinkane is in die Bybel die teken van God se gerigte:

Ons vind dit in die 8ste plaag in Egipte (Ex. 10:4-19)

Joël 1 en 2,

Deut. 28:38,

1 Kon. 8:37,

Nah. 3:15.

5 maande lank pyniging: Dus nog nie voluit die finale oordeel nie. Soos skerpioene: Hier is ook die nawerking van gif.

Die sprinkane soos perde wat regstaan vir oorlog: Monsteragtige wapentuig met dodelike trefkrag in 'n moderne oorlog, verskriklike in-strumente in die oordele? Die moderne oorlogstegnologie kom in die gesigsveld.

Abaddon: Die Hebreeuse woord vir hel, **verderf.**

Apollion: Die Griekse woord vir **verderwer.**

Die vier engele by die Eufraatrivier: (vers 4) Die Eufraatrivier dui die terrein van die groot wêreldmagte Assirië en Babelonië aan. Ook die internasionale politiek word betrek. Geweldige internasionale magte word losgelaat op die christendom. Christenvolke word later

oorweldig. Die christendom word onderdruk deur die heidendom.

Vers 16: Miljoene der miljoene perderuiters. Letterlik volgens die ou vertaling - 2 x 10 000 x 10 000, d.w.s. 200 miljoen. Dus ontsaglike aardse magte.

Aan die einde van Openb. 9 word die balans opgemaak in verse 20 en 21. Die uitslag en effek van hierdie oordele is ontsettend. Die res van die mense het hulle tog nie bekeer nie - die afgodery gaan eenvoudig voort!

Openbaring 10

Die klein boekie

Openbaring 10 bring 'n keerpunt in die boek. Die sewende engel moet nog sy trompet blaas en alles werk op tot die groot finale klimaks.

Maar voordat dit gebeur, kry Johannes nog eers 'n aparte openbaring van 'n ander engel wat sterk is en van die hemel kom met 'n oop boekie in sy hand. Sy voorkoms is groots en omvat die hemel en die aarde. Sy verskyning is met dawerende rumoer: sewe donderslae!

Die inhoud van hierdie donderslae bly egter 'n geheim - Johannes mag dit nie opskrywe nie.

Hier is ook sprake van God se "verborge bedoeling met alles" (vers 71

Laat ons mense dus beskeie wees! Behalwe die dinge wat God aan ons in Sy Woord geopenbaar het, is daar ook ander kragte, ander faktore, onbekende "bedoelinge" van God wat ons nie nou mag weet nie.

God verhinder ons dus om **alles** te weet in die geskiedenis. Laat ons versigtig wees en nie sommer vrypostig en verwaand alles pro-beer verklaar nie.

Hoe onheilspellend die dinge ookal vir ons lyk, God se raad gaan deur. Daarom moet Johannes die oop boekie opeet. Dit sien op die bekende evangelie. Hy moet dit sy eie maak. Dit moet deel word van sy hele wese.

Maar dit is soet in die mond en bitter in die maag. Heerlik is die blye boodskap maar besef ons die gevolge - die bitter gevolge as dit nie aanvaar word nie?

Openbaring 11

Die stryd tussen kerk en wêreld

Ons begin nou die tweede deel van die boek Openbaring. In kort, met simboliese beskrywings, vind ons die stryd tussen kerk en wêreld vanaf die Hemelvaart tot by Christus se wederkoms. Dit kom in die volgende aspekte na vore:

1. Die tempel wat gemeet word - verse 1 tot 2
2. Die krag van die kerk se prediking - verse 3 tot 6
2. Die kerk se martelaarskap - verse 7 tot 10
3. Die kerk se oorwinning - verse 11 tot 14
4. Die sewende trompet - verse 15 tot 19

11.1 Die tempel wat gemeet word

Die stad Jerusalem sien op die woonplek van God se volk. Binne daardie mure was die volk beskerm en kon hulle leef en werk. Daar was hulle sosiale lewe, hulle besighede, hulle onderwys, hulle politiek, hulle kultuur, ens.

Maar in Jerusalem was daar die afgesonderde gebied van die tempel met hulle godsdiens. En in daardie tempel was weer die afgesonderde terrein van die heiligdom waar die heidene nooit kon kom nie. Dit is nou hierdie gebied wat **gemeet** word.

Dit dui op die laaste afsondering van die kerk in hierdie wêreld.

"Maar die voorhof, wat buitekant die tempel is, moet jy heeltemal uitlaat en dit nie meet nie, omdat dit aan die heidene oorgegee is, en hulle sal die heilige stad 42 maande lank vertrap" (vers 2).

42 = 6 x 7 of 3½ jaar = ½ van 7, ½ van die volle getal.

Die heidene sal alles buite die kerkmure vertrap. Hulle sal die sosiale lewe, die ekonomie, die kultuur, die politiek, ens. onder hulle voete vertrap. Die christendom sal teruggedruk word tot sy laaste veiligheid.

Heidense invloed en heidense beginsels sal die wêreld buite die kerk oorwoeker.

11.2 Die twee getuies - die kerk se prediking

Vers 3 vertel nou van God se twee getuies. Hulle tree 1260 dae lank op. Dit is ook 42 maande of 3Vè jaar = die tydperk van die nuwe bedeling in die geskiedenis - van hemelvaart tot wederkoms.

Dit is die vervulling van Sagaria 4:11-14 - die twee olyfbome wat olie voorsien aan die lampe (kandelaars). Hulle is die getuies wat preek en nie uitgepreek raak nie.

Hierdie twee getuies laat ons dink aan Moses en Elia. Met hulle prediking het hulle groot mag - water word in bloed verander (Moses) en die hemel word vir reën gesluit (Elia).

Die prediking van verlossing en oordeel is die energie wat die verloop van die geskiedenis bepaal. Dit gaan in die geskiedenis deur alles heen om die koninkryk van God. Hoe sterker die prediking teen die sonde kom, hoe feller word die wêreld se reaksie.

Deur die geestelike energie van die prediking sal die kerk uit die wêreld uitgelei word (soos

Moses die volk uit Egipte uitlei), maar ook die wêreld sal uit die kerk gedryf word (soos Elia in die dae van koning Agab).

11.3 Die kerk se martelaarskap - die twee getuies word gedood

"Wanneer hulle egter hulle getuienis klaar gelewer het. . ." (vers 7).

Daar kom 'n tyd wanneer daar klaar gepreek is. Al die sendingwerk is dan afgehandel.

"Hulle lyke sal in die hoofstraat van die groot stad lê waar hulle Here ook gekruisig is . . ." d.w.s. in Jerusalem.

Christus is nie in Rome of Athene gekruisig nie, maar in -**Jerusalem.**

Sy eie volk het Hom verwerp. Dit sien hier op die valse godsdiens en die valse kerk.

Die sinnebeeldige Sodom en Egipte:

Sodom is beeld van die totale sondige wêreld . . .

Egipte is die slawehuis van sonde . . .

In die hele sondige wêreld sal die martelaarskap **van die kerk 'n** publieke demonstrasie wees - lyke op die straat!

3V2 dae lê die lyke op straat - 'n halwe week, 'n **gebroke getal. Die** vreugde van die wêreld is dus van korte duur.

Dan kom egter hulle opstanding en hemelvaart - soos **Christus.**

11.4 Die kerk se oorwinning

Hier het ons die troos vir die kerk in die komende **martelaarskap.**

Die oorwinning van die wêreld is slegs van korte duur. **God gryp self** in. Die lewe kom vir die getuies weer terug. Soos hulle **Heiland beleef** hulle ook 'n opstanding en 'n hemelvaart. Selfs die teken van **die aard**-bewing vind ons hier.

God se kragte beheers alles.

Dit is die einde van die tweede "Wee".

11.5 Die sewende trompet

Eers laat die sewende trompet twee lofgesange hoor oor die koningskap van God en Sy Gesalfde (verse 15 en 16).

Die koningskap is nou ten volle geopenbaar (vers 19).

Hier het ons weer gekom tot by die einde van die geskiedenis. "Die eindtyd het aangebreek . . ."

Die oordeel is finaal, maar ook die verlossing is volkome.

Openbaring 12

Die hele geskiedenis in telegramstyl

Openbaring 12 is 'n "intermezzo", 'n tussen-gedeelte, wat die hele geskiedenis van die begin tot die einde met 'n visioen uitbeeld.

Dit is een groot stryd tussen God en satan, tussen Christus en die antichris tussen die kerk en die sondige wêreld.

Die vrou in Openb. 12 stel die kerk voor. In die Ou Testament is dit die swanger vrou. Uit haar moet die Messias, die Christus gebore word. So is al die nood en worsteling, die pyn en smarte van die Ver-bondsvolk in die O.T. die "barenswee". Die hele geskiedenis van die Here se volk Israel is 'n voortdurende stryd omdat die draak (= satan) altyd gereed is om die Kind (= Jesus) as Hy gebore word, te vernietig.

Dit is die stryd tussen die vrouesaad en die slangesaad wat reeds in Gen. 3:15 aangekondig word. Openb. 12 is nou 'n nadere verklaring van Gen. 3:15.

Die vrou (= die kerk) is bekleed met die son en die maan is onder haar voete en sy is bekroon met twaalf sterre. Dit alles dui op die heerlikheid en uiteindelike segepraal van die kerk oor die bose. 12 is die getal van die volmaaktheid: 3x4. Dit kombineer die Drie-enige God met die getal 4 wat die wêreld omvat (4 windstreke).

Die Kind wat met pyn en smarte gebore word onder bedreiging van die draak (= satan) en dan weggeruk word na die hemel, beskryf in kort die koms van Jesus Christus na die wêreld met Sy soendood, opstanding en hemelvaart.

Met Christus se Hemelvaart, breek daar egter 'n oorlog in die hemel uit:

Die draak (= satan) wil nie toelaat dat Christus as Koning vanuit die hemel regeer nie. Hy sleep "'n derde van die sterre" (vers 4) saam met hom. D.w.s. 1/3 van die engele het saam met hom afvallig geword (vgl. Job. 38:7 en Judas 6) en nou gaan hulle as 'n leërmag die hemel as 'n slagveld kies.

Maar God se leërmag stuit die duiwelse leërmag. Hier is Migael die aartsengel die aanvoerder. Migael beteken: Wie is soos die HERE?

Satan word met sy volgelinge nou "uit die hemel gegooi" (vers 9).

Vroeër (in die O.T. tot by Jesus se Hemelvaart) het die satan nog 'n plek in die hemel gehad. Vgl. 1 Kon. 22:19-23, Job 1:6, Sag. 3:1 e.v., Luk. 10:18.

Na Hemelvaart is die satan nou op die aarde (vers 12) met groot woede omdat hy min tyd het.

In die hemel is daar vreugde (vers 10 tot 12) omdat die satan daar uitgewerp is, maar hier op aarde sal hy nou sy laaste poging aanwend om God se kinders te oorwin.

Hier op aarde kon nou die finale aanslag op die kerk: Die vrou wat vervolg word in die woestyn. Sy ontvlug egter soos 'n arend.

'n Stroom water word deur die draak agter die vrou aan uitgegooi om haar te verswelg, maar dit het nie geslaag nie. Ook in ons tyd word die Evangelie aanhoudend bedreig deur die stroom van duiwelse ideologieë en filosofieë.

Openbaring 13

Die twee diere

13.1 Die dier uit die see

As die Openbaringsboek hier praat van 'n "dier", dan word daarmee die politieke wêreldmag bedoel; dit is die struktuur van die wêreldryk waarin gepoog word om alle volke, nasies en rasse onder één magtige staatsverband saam te bind (vgl. B. Holwerda, Populair Wetenschappelijke Bijdragen Goes 1962, bl. 166). Dit is dan hierdie internasionale eenheidstaat wat aan die begin van die volkerewêreld af, dood en verwoesting gesaai het. Dit word dan die monsteragtige dier wat alles voor hom vermorsel en verbrysel.

Die see as beeld van die volkerewêreld

In die Heilige Skrif word die see dikwels voorgestel as die beskrywing van die onrustige, onstuimige volkerewêreld (vgl. Ps. 65:8). "Nasies het gebruis", sê Psalm 46. Die dier wat dan uit die see uit opkom, dui daarop dat die wêreldryk voortkom uit die nasies van die wêreld met hulle internasionale politiek. In Openbaring 17 vind ons weer 'n beskrywing van dieselfde dier, maar daar word vertel dat hy "uit die afgrond" opkom. Dit is in elk geval duidelik dat die internasionale politiek eintlik iets soos 'n onstuimige "poel" is waaruit die één wêreldstaat verrys.

Die dier self

Die eerste wat opval, is dat hy beskrywe word met sy sewe koppe en tien horings en tien krone.

Die sewe koppe sien op sewe afsonderlike lewensontplooiings wat tog in één liggaam vergestalt word.

Die tien horings (omdat dit tien is) sien op 'n volledige magsuitoefening oor die hele aarde.

Die tien krone sien op die volledige heerskappy oor die aarde. Die getal tien is in die boek Openbaring die aanduiding van volledigheid op die aarde.

Die diere van Daniël 7

Daar is 'n duidelike, opvallende ooreenkoms tussen die dier in Openbaring 13 wat uit die see opkom en die diere van Daniël 7. Maar nou moet ons nie vergeet nie, Daniël skryf sy gesig eeue vóór die koms van Christus. By hom is dit egter vier aparte diere. Die leeu, die beer, die luiperd en die vierde, vreeslik, verskriklike dier wat alles verslind en vermorsel en met sy pote vertrap, is die vier groot wêreldstate wat Daniël in die internasionale politiek van sy tyd sien opkom.

In Openbaring 13 kom al die eienskappe en grondtrekke van die vier aparte diere nou terug in die één dier wat uit die see opkom en wat die apostel Johannes aan ons beskryf: één dier met sewe koppe.

Die sewe wêreldryke in die geskiedenis

Daniël het die vier wêreldryke van sy eie tyd beskryf, maar Johannes sien dat daar eindelik in totaal sewe totalitêre state sal wees, want Johannes staan baie verder in die geskiedenis. Wat Daniël nog nie gesien het nie, word nou in die Openbaringsboek deur God bekend gemaak. Die perspektief gaan nou oor die hele geskiedenis nog verder terug as die internasionale politiek in die tyd van Daniël, maar ook verder vooruit as Johannes. Die konklusie is dan dat

daar in die tyd van Johannes alreeds vyf wêreldryke gekom en gegaan het en dat die een wat in die tyd van die visioen (Openb. 13), die sesde aan bewind is. Dit word duidelik dwarsdeur die verloop van die Openbaringsgeskiedenis soos wat ons dit in die Skrif vind.

Die eerste eenheidstaat vind ons na die sondvloed by die bou van die toring van Babel (Gen. 11). Die mens het toe teen die belofte van God in en teen sy opdrag 'n stad begin bou wat al die mense moes omvat in 'n eenheid, want hulle het gereken dat hier op die vervloekte aarde daar net één moontlikheid is om die lewe draaglik te maak. Vir die eerste keer vind ons dan in die internasionale politiek die "eenheid" as grondslag van sekuriteit.

Die tweede wêreldmag wat opduik, is die Assiriese mag (Nineve) wat die tienstammeryk van Israel verpletter.

Die derde wêreldryk is die Nuwe-Babiloniese ryk onder Nebukadneser.

Die vierde is die Medo-Persiese.

Die vyfde is die Grieks-Masedoniese.

Die sesde ryk is die Romeinse in die tyd van Christus se koms en in die tyd van die Openbaringsboek.

Die swaardwond aan die sesde kop

In die lig van bostaande indeling van die wêreldryke, begin ons nou verstaan wat dan die betekenis is van die een kop van die dier wat dodelik gewond was:

"En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was,

en sy dodelike wond is genees . . ." (Openb. 13:3).

In Openb. 13:14 staan dat hierdie wond 'n swaardwond was. Nou weet ons dat die swaard in die Bybel dikwels die betekenis van die Evangelieverkondiging het. Vergelyk byvoorbeeld Ef. 6:17, Openb. 1:16, Openb. 2:12. Ons weet dus dat dit die Evangelie is wat aan die Romeinse wêreldryk 'n dodelike wond gegee het. En hierdie Romeinse ryk word in die geskiedenis nie weer vervang deur 'n nuwe wêreldmag wat in sy plek kom nie, maar dit brokkel eenvoudig op in 'n groot verskeidendheid van klein staatjies. Dan kom die moderne tyd in die geskiedenis waarin elke volk en land as 'n eie politieke identiteit na vore tree. Voortdurend kom die botsings en oorloë, maar nooit geluk dit weer vir een enkele despoot om 'n wêreldheerser te word nie. Daar is baie wat dit probeer doen, maar spoedig gaan hulle onder -Lodewyk XIV, Napoleon, Hitler.

Die periode tussen die sesde wêreldryk en die sewende is dan 'n tydperk waarin die dier met 'n dodelike wond rondloop!

Maar dan gebeur daar 'n verskriklike ding. Die Bybel stel dit kort en kragtig: Die dodelike wond is genees!

Die laaste eenheidstaat in die wêreld

Na die ineenstorting van die sesde ryk, naamlik die Romeinse wêreldryk, het die dier vanuit die see in Openbaring 13 met die dodelike wond aan sy een kop geloop. Eeue lank het die Evangelie gemaak dat daar nie 'n wêreldryk sou bestaan wat algehele heerskap-py oor die hele aarde het nie. In hierdie tyk gebeur dit selfs dat die geweldige, eeu-oue godedom van die Grieke en Romeinse en Germane opgeruim word. Wat het van die gode van Olimpus en van Wodan van die Germane geword? Dit skyn selfs asof die dier met sy dodelike wond nie weer ooit daardie sesde kop kan oplig nie en asof die hele wêreldgeskiedenis maar verder sal voortgaan in die styl van vandag - nooit weer 'n totalitêre wêreldstaat vir die mensdom nie. Selfs kolonialisme word opgeruim en die kleinste nasie en landjie kan sy stem in die V.V.O.

dik maak. Selfs Ysland kan op 'n manier dit waag om Groot-Brittanje oor vissersbote te terroriseer! Die tyd van diktatuur is verby, sê die mense.

Maar die Skrif sê baie duidelik aan ons: Pas tog op dat julle jul nie vergis nie. Die dodelike wond van die dier gaan weer genees!

Die eenheidsgees gaan tog weer die oorhand kry!

Die federasiesug hef die partikularisme op.

Nasionale selfstandigheid en nasionale trots kry nie meer 'n plek nie.

Daar word in die rigting gedink van 'n "Verenigde State van Europa", ens.

Magsblokke word op politieke, ekonomiese en sosiale gebiede gevorm.

"Die hele wêreld gaan verwonderd agter die dier aan . . . (Openb. 13:2).

Ons begin die sewende kop van die dier raaksien!

Die wond genees in die dekadensie van die Westerse christendom. Die antichris baan sy pad deur morele aftakeling, sedelike verwildering en seksskandale - selfs openlik onder die grootste politici. En van die sendingvelde hoor ons die skokkendste getuienis oor hoedat Babel weer triomfeer - in die heidense Ooste word Mohammedane en Boedhiste selfs gewaarsku teen die verrottende sedes van die Christendom!

Die drie sleutelinstrumente in die sewende wêreldryk

Die vraag kom onwillekeurig op: Waarmee gaan die dier hierdie wêreldryk bou? Wat gaan die sleutelmag wees?

Hy gaan na drie sleutelposisies gryp! Ons vind dit in Openbaring 18:

Wêreldekonomie - "die handelaars van die aarde" (Openb. 18:11).

Wêreldkommunikasie - "elke stuurman" (Openb. 18:17).

Wêreldpolitiek - "die konings van die aarde" (Openb. 18:3).

Vandag sien ons die verwesentliking hiervan: Die netwerk van vinnige lugvervoer met straalvliegtuie wat al groter word en televisie en rekenoutomate het die wêreld klein gemaak. Honderd jaar gelede was dit 'n groter onderneming om 'n reis van Kaapstad tot Bloemfontein te maak as om vandag Londen toe te gaan. Wêreldkommunikasie het die sleutel geword om die hele aarde in 'n eenheid saam te snoer.

Dit gaan hand-aan-hand met die wêreldekonomie (geldstelsels word aanmekaar gekoppel) om die weg vir die wêreldburgerskap in die uit-eindelike "wêreldstaat" te baan.

13.2 Die dier uit die aarde

Hier het ons die magtige propagandistiese organisasie van die Antichris. Hy is die groot instrument, die implementeerder van die eerste dier se mag.

Dit lei tot 'n wêreldomvattende boikot: Wie nie die merkteken van hierdie dier dra nie, sal sy prooi word:

"Hy verplig al die mense, klein en groot, ryk en arm, vryes en slawe, om 'n merk op hulle regterhand of op hulle voorkop te dra en laat niemand toe om te koop of te verkoop nie, behalwe die mense wat die merk dra. Die merk is die naam van die dier of die getal van sy naam. Hier is wysheid nodig. Wie verstand het, kan die getal van die dier ontsyfer, want dit is 'n mens se getal. Sy getal is seshonderd-ses-en-sestig" (13:18).

Wat is nou hierdie getal 666?

Die Antichris kom sover as 6, maar kan nie die heilige getal 7 bereik nie. Selfs in eenhede, tientalle en honderdtalle (666) kan hy deur ontwikkeling (en tegniek?) nie slaag nie. In sy hoogmoed word hy finaal gestuit. Die antichristelike mens, bly mens (sonder God) en kan nooit God word nie.

Alleen God (Jesus Christus) het MENS geword - om die mens te red!

Openbaring 14

Die 144 000 op die Sionsberg en die oordeel

Let op die geweldige teenstelling tussen Openb. 13 met Openb. 14: In Openb. 13 is die hoofpersoon die verskriklike bloeddorstige

dier. . . in Openb. 14 is die hoofpersoon die Lam met Sy volgelinge. In Openb. 13 sien ons die totale goddeloosheid van die mensdom

as hulle die dier aanbid . . . in Openb. 14 sien ons die godsvrug van

hulle wat die Lam aanbid. In Openb. 13 sien ons die onheilige merkteken van die dier wat deur die mense moet gedra word . . . in Openb. 14 word vertel van die 144 000 wat die Lam se Naam en Sy Vader se Naam op hulle voorhoofde dra.

Uit die ontsettende nood en druk van Openb. 13, kom God se volk nou triomferend te voorskyn.

Vergelyk verder Openb. 7.

In Openb. 14:6-13 vind ons die drie engele (verse 6, 8 en 9) wat die oordeelsgeweld van God in die wêreld aankondig.

Let op: die eerste engel kondig die uur (ou vertaling) van oordeel aan. Dit is nou nie meer 'n dag van oordeel (oordeelsdag) nie - alles kom baie naby!

Die tweede engel kondig reeds die val van Babilon - die gekonsentreerde goddelose mag - aan (Openb. 17).

Die derde engel (vers 9) kondig die oordeel oor die dieraanbidders (13:4) aan.

Die voltrekking van die oordeel (die graanoes en die wynoes) vind ons in verse 14 tot 20.)

In vers 13 vind ons die troosryke belofte van saligheid vir die gelowiges: "Geseënd is van nou af dié wat in die Here strewe".

Die oes is ryp. Die maaier met sy sekel gaan die mensdom afoes. Die parskuip gaan getrap word.

Die bloed wat kom tot aan die tooms van die perde sal 1600 km. vloei, d.w.s. 4 x 4 x 10 x 10 = die hoogste volheid oor die aarde (4 vir die vier windstreke en 10 vir volledigheid).

Openbaring 15

Die sewe engele met die laaste plae

Let op die opvallende ooreenkoms tussen Ex. 15 in die O.T. en Openb. 15 in die N.T.

In Ex. 15 sien ons die oorwinnaars (God se Verbondsvolk) op die oewers van die Rooisee en hulle sing die lied van Moses.

Hier in Openb. 15 sien ons die oorwinnaars (God se nuwe Verbondsvolk) en hulle sing by die see van glas die lied van Moses en die lied van die Lam.

Daar is ook 'n treffende ooreenkoms tussen die plae van Egipte en die Plae oor die wêreld hier in Openb. 15.

Aan die sewe engele word die sewe bakke gegee, gevul met die toorn van God.

Onwrikbaar is God se besluit om die eindoordeel te voltrek. Dit sien ons duidelik in die volgende hoofstuk.

Openbaring 16

God se laaste oordeel

Hier sien ons die geweldige oordele wat voltrek word. In feite is dit God se voltooiing van Sy strafgerig - simbolies-visioenêr uitgebeeld in sewe verskillende handelinge met sewe "bakke" of skottels.

Ook hier sien ons die toenemende intensiteit. Ons sien ook die voortsetting van die plae van Egipte - die see word bloed (vers 3).

Ook die skepping word aangetas - die son (lewensbron en ligbron) word aangetas (vers 8).

Die Eufraatrivier: die uiterste grens van Israel in die tyd van Dawid wat hulle van Assirië (verteenwoordiger van die antichristelike mag) skei. Sinnebeeld van die skeiding tussen die heidendom en die kerk. *Nou kom die openlike inval van die wêreld in die kerk,*

Armageddon = berg van Meggiddo. Plek van stryd en rampspoed (kyk Rigt. 5:19 en 2 Kon. 23:29 en 30).

Haelstene (vers 21): teken van regstreekse oordele van God (kyk Ex. 9:24 en Jos. 10:11. Vgl. ook Jes. 28:17).

Openbaring 17

Prostituut en dier

Die visioen is hier die sedelose vrou (prostituut) en die dier. Hier is verskillende opvattings. o.a.:

a. Die hoer versinnebeeld die wêreldmag as sodanig wat gemene saak met die antichris maak (S. Greijdanus).

b. Hierdie prostituut sien op die valse, afgedwaalde kerk wat heul met die antichris (B. Holwerda).

Let op die vergelyking met die vrou (die kerk) van Openbaring 12. Die eerste Babel (Gen. 11) eindig met 'n spraakverwarring. Dit gebeur met die laaste Babel - 'n beskawing wat homself vernietig.

Openbaring 18

Babel se val

Hier word die val van Babilon onder drie aspekte beskryf: die aankondiging van die val (vs. 1-2), weeklag oor die ondergang (vs. 4-19), die voldwonge feit van die ondergang (vs. 20-24). Vgl. hierdie aantekeninge onder **Openb. 13.**

Openbaring 19

Alles word finaal

Ons nader nou die einde van die drama wat Johannes op Patmos ge-sien het. In hoofstukke 19 en 20 beskryf hy die einde van God se oordeel oor die bose wêreldmag. Nou word alles finaal. Die laaste fase van die wêreldgeskiedenis het aangebreek. Dit behels o.a.:

die vreugde in die hemel oor die val van Babilon en aankondiging van die bruilof van die Lam (vs. 1-10), die verskyning van die triomferende Christus op die wit perd (vs. 1116), die feesmaal van die roofvoëls oor die goddelose heersers van die wêreld - hulle vleis word geëet (vs. 17-21), die finale ondergang van die dier en die valse profeet.

Openbaring 20

Die finale offensief teen satan

Hierdie hoofstuk sluit logies by die vorige aan. Dit het geëindig met die ondergang van die dier en die valse profeet en hulle navolgers. Hulle (die dier en die valse profeet) was op hulle beurt weer die volgelinge van die draak (Openb. 12) wat die beeld is van satan.

Per slot van sake is dit die satan wat sy "orkes" gedirigeer het. En hier in hoofstuk 20 word sy ondergang nou beskryf.

Daarmee is die laaste oordeel oor die mensdom ook voltrek.

Openbaring 21 en 22

Die nuwe hemel en die nuwe aarde

Die Bybel begin met die volmaakte Paradys van God.

Die Bybel eindig met die volmaakte stad van God.

Nadat die skepping aan die begin deur die sondeval vermink is, is dit weer deur Jesus Christus, die borg en Middelaar herskep.

Daar kom 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde.

Dit is die heimwee van die strydende kerk.

Dit is *die verlange* na die koms *van* Jesus *Christus. En* Hy (Jesus Christus) wat dit alles getuig - hier in die Woord van God, die volle Bybel - sê: "Ja, Ek kom gou!" (Openb. 22:20).